


GELOFTEVOLK ONTWAAK!



deur Susan Pöhl

GELOFTEVOLK - ONTWAAK EN TREK LAER

Verkorte weergawe

Voorwoord

Met hierdie werk word 'n beskeie poging aangewend om die Boer bewus te maak van sy ware identiteit. Alle verklarings is gebaseer op die Woord van God, wat dien as basis vir my geloofsoortuiging.

Die Boerevolk, wat afgemaak word as 'n agterlike en eenvoudige volk, is tog 'n groot struikelblok vir die Wêreldmagte wat 'n wêreldregering tot stand wil bring. Daarom word hierdie volk se besondere identiteit stelselmatig en georkestreerd afgebreek, met die doel om dit geheel en al te vernietig. Maar waarom is hierdie volkie, aan die suidpunt van Afrika, 'n bedreiging vir die wêreld, en waarom hou die aanslag op haar nie op nie, selfs nadat sy haar onafhanklikheid en land verloor het? Daar moet 'n rede hiervoor wees.

Die spore van hierdie Boere-bloedlyn loop deur Nederland, Duitsland, Frankryk, Switserland, terug deur die Piedmontese vallei van die Waldense in die Alpe van Noord-Italië, die gemeentes van Klein-Asië, Sirië, Samaria, Judea, tot in Jerusalem. Dit beteken dat die Boerevolk die direkte en fisiese nageslag van God se uitverkore volk is.

Waarom glo die Boerevolk onvoorwaardelik dat God hom in aansyn geroep het? En waarom glo hy ook dat apartheid reg is, en daarom nie met volksvreemdes wil meng of hulle aanvaar as sy gelykes nie? Is hierdie meerderwaardige houding wat die volk openbaar, en sy behoefte om apart van ander volke te lewe, in sy gene, of is dit blote arrogansie? Het die Here regtig hierdie volk in aansyn geroep, of was die volksplanting 'n toevalligheid?

Beslis nie 'n toevalligheid nie, want die profete van ouds het die volksplanting van 'n edelstam, die Dogter van Sion (die jongste Israelvolk), in die land suid van die riviere van Kus beskryf. (Kus is die destydse Ethiopië, wat 'n groot deel van Afrika beslaan het, vanaf die wes- tot aan die ooskus, en die riviere van Kus, volgens antieke Bybelkaarte, is die Kunene, Zambezi, Kavango en Kuando). Die Boerevolk is 'n Geloftesvolk wat onbewustelik die troon van Dawid sou bewaar. 'n Volk wat aanslae van swart stamme, Efraim (Engeland) en Esau (die valse Jode), sou verduur. Die profete het selfs Efraim se geweld teenoor die Boer en sy erfdeel beskryf, hoe hulle die vrouens sou verdryf uit die huise wat hulle liefhet, hulle kinders die sieraad sou ontnem en uiteindelik dan 'n heiden as koning oor hulle sou aanstel.

Hierdie volkie, het die profete ook vertel, sou afvallig raak en aan 'n geweldige strafgerig oorgegee word. Verder waarsku die Bybel, asook ons eie Boereprofeet, oor gebeure wat op ons wag, o.a. 'n beplande nagaanval in hierdie tyd op die Blankes, wat sal oorspoel in 'n volskaalse oorlog. (Die presiese teken om tot die aanval oor te gaan is reeds aan die massas bekend).

Die rede vir hierdie volksplanting in 'n land, met sy strategiese ligging, en die belangrike taak wat die Boerevolk in hierdie tyd sal verrig, asook sy uitkoms, is alles in die Bybel opgeteken.

Alleenlik wanneer die Blanke Westerse volke sal besef dat hulle die huis van Israel (die twaalf stamme uit Jakob) verteenwoordig, sal hulle op hulle identiteit as uitverkorenes en op hulle erfreg as eersgeborenes kan aanspraak maak. Dit is die waarheid wat Israel sal vrymaak, maar intussen gaan sy ten gronde weens 'n gebrek aan hierdie kennis.

Die "Jode", soos ons hulle ken, maak daarop aanspraak dat hulle God se uitverkore, geestelike volk is, terwyl hulle nie uit een van die twaalf stamme van Israel ontstaan het nie, maar uit ESAU (Jakob se tweelingbroer) en die Joodse geloof eeue voor Christus aangeneem het. Dit is hierdie valse Jode wat Christus verwerp het en deur die eeue heen Israel se ware identiteit van haarself verberg – om haar uit haar erflating en eersgeboortereg te probeer kul.

Die Christendom baar die siening dat alle gelowiges net "Israel na die gees" is, wat van alle waarheid ontbloot is. Alle volke, nasies en tale aan wie die verlossing en beloftes behoort, verwys alleenlik na die menigte van nasies wat uit Jakob sou afstam – die genetiese Israelvolk. Die uitverkiesing en roeping van 'n spesifieke volk is die boodskap van die hele Bybel, maar waarom ontken die kerke die bestaan van die volk Israel en waarom word die woord "Israel" nie in die kerke genoem nie, terwyl hulle daarop aanspraak maak dat die Bybel hulle bron van waarheid is?

Liberalisme, wat alle volke en gelowe gelykstel, is die sleutel tot die "Jode" se Nuwe Wêreldorde (NWO) wat die Antichris gaan huisves. Satan kan alleenlik sy NWO instel indien die wêreldgemeenskap uit 'n reënboognasie bestaan. Daarom word daar by volke, by wie nasionalisme sterk ontwikkel is, 'n skuldgevoel gekweek oor hulle herkoms en identiteit. Liberale kerke is dus ook besig om, onder die dekmantel van godsdiens, die weg te baan vir die koms van die Antichris. Ook Christene in kerke wat emosionele godsdiens beoefen, wie se deure oop is vir volksvreemdes, word mislei deur allerhande tekens, terwyl die Heilige Gees beslis nie met Satan sal saamwerk om 'n Wêreldorde daar te stel wat teen

die Christendom gerig is nie. Christus waarsku ons teen valse profete wat in Sy Naam wonderwerke en genesings sal doen om die uitverkorenes (Blanke volke) te mislei, (om te glo dat Christus vir almal gesterf het en dat alle volke gelyk is voor God – die sleutel wat Satan nodig het). In hierdie werk sal bewys word dat die hele Woord, Boodskap en Verlossing slegs tot die Blanke Westerse volke behoort. (Heeltemal teenstrydig met die wêreldprediking, media en kerke wat elke dag die teendeel aan ons opdis).

Die geskiedenis herhaal homself en vandag staan die Boerevolk weer met sy rug teen die muur, is onder sensuur en sonder sy kerk, net soos destyds by Bloedrivier. Hierdie keer is die hele wêreld egter teen hom en staan sy vyand ook langs en agter hom. Dit is `n donker, moedelose tyd waarin daar geen uitkoms blyk te wees nie. Maar die Here belowe dat Hy in hierdie tyd nie `n einde aan Sy volk sal maak nie en dat Hy hulle land sal genees – `n land wat Hy uitgehou het en waarin Sy volk sal skuil terwyl verwoesting in die noordelike halfrond sal heers.

Dit is my begeerte dat die Boer, met die lees van hierdie boek, die skuldgevoelens oor sy herkoms sal afskud, omdat dit `n Godgegewe Uitverkorenhed is en dat sy volkstrots in ere herstel sal word. In die lig van die vernietigende aanslag op die Boerevolk, en met die besef dat God Sy hand sal uitsteek na hierdie geringe en ellendige volk wat by Hom sal skuiling soek, sal die opregtes na Hom terugkeer en begin laer trek vir die stryd wat voor die deur is. God was nooit aan die kant van die meerderheid nie, en `n Gideonsbende is al wat Hy nodig het om Sy werk te doen.

`n Edelstam het God hier aan die suidpunt van Afrika in aansyn geroep, `n heilige (apart gestelde) volk met Trekkersbloed in sy are, en wanneer die Boer se laaste Vryheidstryd sal begin, sal die wêreld weet dat hierdie Geloftevolk opgestaan het.

“JaHWeH” word deur taalkundiges aanvaar as die Eienaam van ons Hemelse Vader en so ook “JAHSUA” in die plek van “Jesus”, soos dit in die oorspronklike Skrifte gestaan het. Hierdie Name is eers in die sestiende en sewentiende eeue vervang met Here, God en Jesus, wat nie die korrekte betekenis weergee nie. Om verwarring te voorkom, is daar besluit om die Name, soos Hulle tans bekend staan, te gebruik. Weet egter dat daar slegs na die God van Abraham, Isak en Jakob en ons Verlosser, Sy Seun, verwys word.

Aanhalings word slegs uit die Afrikaanse Ou Vertaling van 1933, en die 1953 hersiene uitgawe geneem. Die leser moet ook kennis neem dat die skrywer aan geen politieke party of kerkverband behoort nie. Geen instansie word in hierdie werk verteenwoordig nie.

Versprei hierdie boodskap aan mede volksgenote – die tyd raak min.

MET WAARDERING OPGEDRA AAN:

My kinders. Bly getrou aan julle God, Volk en Vaderland
Al ons vryheidsvegters in die gevangenes wat die kommunistiese oorname probeer stuit het
Ons helde wat reeds die hoogste prys betaal het en al die slagoffers van plaasaanvalle
Die SA Boerperd wie se voorgeslagte ons voorvaders met dapperheid, getrouheid en trots
deur die Tweede Vryheidsoorlog gedra het
Bok nan Blerk wat met “De la Rey” die vuur in ons Boerejeug se harte laat brand

O, Boerevolk van Suid-Afrika
Ken jy nog jou pad
As iemand jou vandag moet vra
Waar’s jou land en waar’s jou stad
Jou spore oor die vasteland
Kom ver – is diep getrap
`n Struikelgang oor bos en rant
Uit harde hout is jy gekap
O, Boerevolk van Suid-Afrika
Jou erfenis is mooi
As iemand jou vandag moet vra
Waar’s jou eenheid – jy’s verstrooi
Het jy nie dalk jou God vergeet

Geloftevolk van Afrika
Jou strewes, arbeid, bloed en sweet
Die Christen naam wat jy moet dra
Ken jy nog die sweep se klap
Die ossewa se kreun
Ken jy nog die veld se roep
As donker wolke om jou dreun
- Flip Snyman

INHOUD

Hoofstuk 1	WAAR IS DIE 12 STAMME VAN ISRAEL?	6
Hoofstuk 2	DIE SOGENAAMDE 'JODE'	7
	GESLAGSREGISTER	10
Hoofstuk 3	DIE VERLOSSING IS ALLEENLIK VIR ISRAEL	12
Hoofstuk 4	JUDA IN SUID-AFRIKA	16
Hoofstuk 5	DIE VOLKSPLANTERS KOM IN SION AAN	17
Hoofstuk 6	DIE SETLAARS WORD 'n EDELSTAM	20
Hoofstuk 7	JUDA DIE VERNAAMSTE	21
Hoofstuk 8	DIE TROON VAN DAWID	24
Hoofstuk 9	ADAM EN EVA DIE EERSTE MENSE?	27
Hoofstuk 10	DIE DONKER NASIES	28
Hoofstuk 11	SENDING WERK IS SONDE	32
Hoofstuk 12	VERRAAD TEEN DIE BOEREVOLK	34
Hoofstuk 13	DIE 'JODE' EN KOMMUNISTE SE AANSLAG	43
Hoofstuk 14	DIE TEKENS VAN DIE TYE	51
Hoofstuk 15	SIENER VAN RENSBURG	53
Hoofstuk 16	ELIA KOM WEER	59
Hoofstuk 17	DIE BOER SE LAASTE VRYHEIDSTRYD	61
Hoofstuk 18	DIE DERDE WêRELDOORLOG	63
Hoofstuk 19	'n SKUILING VIR GOD SE VOLK	65
Hoofstuk 20	ARMAGEDDON EN DIE WEDERKOMS	66
Hoofstuk 21	DIE VERLORE SKAPE WORD VERSAMEL	69
Hoofstuk 22	DIE DUISENDJARIGE VREDERYK	71
Hoofstuk 23	ONS VIR JOU, SUID-AFRIKA	72

HOOFSTUK 1

WAAR IS DIE 12 STAMME VAN ISRAEL?

Deur die Ou en Nuwe Testament praat God met Sy volk, die huis van Israel, 'n volk wat die Woord belowe in die eindtyd nog fisies sal bestaan. Volgens die Skrif en op grond van die beloftes aan Abraham, Isak en Jakob, bestaan Israel nog steeds fisies. Op die vooraand van die Wederkoms beleef Israel nou die openbaring van hulle ware identiteit, want die woorde wat Daniël geheim moes hou, en die boek wat hy moes verseël tot aan die tyd van die einde toe (sodat dit eers in die eindtyd sou verstaan word), word nou deursoek en die kennis vermeerder, soos God belowe het (**Dan.12:4**).

Ons lees ook:

*“Hulle sal weet dat Ek hulle God is, en dat hulle die HUIS VAN ISRAEL, My volk is **Eseg.34:30**. En wie is soos U volk, soos ISRAEL, 'n ENIGE NASIE op aarde wat God vir Hom as VOLK gaan verlos het...en U het U VOLK ISRAEL bevestig as 'n VOLK VIR U TOT IN EWIGHEID...Laat U woord (profesie) wat U oor U kneg (profeet) en oor sy huis gespreek het in vervulling gaan TOT IN EWIGHEID...U is God en U woord is WAARHEID 2 **Sam.7:23-28**.”*

Omdat Israel hulle tot afgodery gewend het, is hulle weggevoer en verstrooi. Die tien stamme van Israel en 'n deel van die twee stamme van Juda, (Benjamin het deel van die stam van Juda geword volgens **Jer.6:3**) het met die wegvoering in wes- en noordwes Europa beland. Die verskillende stamme se wapenskilde het hulle vergesel tot by hulle eindbestemmings. Daarvandaan het 'n deel na Noord-Amerika, Brittanje, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika geïmmigreer. DIT BETEKEN DAT DIE BLANKE WESTERSE VOLKE DIE HUIS VAN ISRAEL VERTEENWOORDIG.

Die Assiriërs en Babiloniërs wat die twaalf stamme weggevoer het, het hulle by ANDER NAME genoem met die wete dat hulle verbintenis met die naam Israel mettertyd sou verdwyn.

*Kom, laat ons hulle vernietig, dat hulle GEEN VOLK MEER IS NIE, sodat AAN DIE NAAM VAN ISRAEL nie meer gedink word nie **Ps.83:4-6**.*

Ons aartsvaders was Abraham, Isak en Jakob. Jakob het twaalf seuns gehad wie se nageslag die huis van Israel, die uitverkore volk, verteenwoordig. Jakob se vierde seun, Juda, is die vernaamste van die twaalf stamme en verteenwoordig die WARE JODE van die Bybel. Dawid en Christus is uit die stam van Juda gebore. Toe Jakob se naam (en dié van sy nageslagte), verander het na ISRAEL, (**Gen.35:10**), het God gesê:

*Wees vrugbaar en vermeerder, 'n Nasie, ja 'n MENIGTE VAN NASIES, sal van jou afstam en konings sal uit jou lende voorkom **Gen.35:11**.*

Wanneer die Woord verwys na alle volke, nasies en tale aan wie die verlossing en beloftes behoort, dan verwys dit alleenlik na hierdie menigte van nasies wat uit Jakob sou afstam. Die woord “nasie” is in Grieks uit die woord “ethnos” vertaal, wat etnies beteken, d.w.s. 'n genetiese bloedlyn.

*Luister na My, o huis van JAKOB en die hele oorblyfsel van die HUIS VAN ISRAEL, julle wat deur My gedra is van die MOEDERSKOOT af, opgeneem is van die GEBOORTE af, en tot die ouderdom toe is Ek dieselfde, ja, tot die grysheid toe sal Ek JULLE dra, Ek het dit gedoen, en Ek sal JULLE opneem, en Ek sal dra en red **Jes.46:3**.*

HOOFSTUK 2

DIE SOGENAAMDE “JODE”

Die “Jode” soos ons hulle ken (haakneus, geldmag en kommunist), verteenwoordig NIE die ware Jode/Judeërs van die Bybel nie. Jakob se tweelingbroer, ESAU, het sy eersgeboortereg aan Jakob afgestaan, en met 'n Hetiet, getrou. Die Hetiete het baie groot en prominente neuse gehad. Esau se seun was EDOM wie se afstammeling die Edomiete verteenwoordig. Hierdie Edomiete HET DIE JOODSE GELOOF EEUE VOOR CHRISTUS AANGENEEM.

In die tyd van Christus was die huis van Israel REEDS WEGGEVOER. Die twee stamme van Juda (Juda en Benjamin), is deur die Babiloniërs 604 VC weggevoer, en die ander tien stamme 721 VC. Toe Christus geleef het, was daar slegs 'n baie klein oorblyfsel Judeërs in die land van Israel wat teruggekom het om die tempel te bou. CHRISTUS IS NIE DEUR DIE JODE/JUDEëRS VERWERP EN GEKRUISIG NIE, MAAR DEUR DIE EDOMIETE WAT DIE JOODSE GELOOF BEOEFEN HET. Deur die eeue heen maak hierdie Edomiete daarop aanspraak dat hulle God se heilige en uitverkore volk is, maar hulle was dit nooit en sal tot in ewigheid dit nie wees nie.

Reeds in die moederskoot was daar wrywing tussen Jakob en Esau (**Gen.25:22-23**). God sê hier dat twee nasies uit Rebekka se liggaam gebore sou word en dat die oudste (Esau) die jongste (Jakob) sal dien. (’n Profesie wat in die eindtyd in vervulling sal gaan). God sê verder:

“Is Esau nie die broer van Jakob nie, spreek die Here? Tog het Ek Jakob liefgehad, maar Esau het EK GEHAAT...die volk waarop die Here vertoornd is TOT IN EWIGHEID! Mal.1:2-4.”

Abraham, Isak en Jakob was nie Jode nie omrede die Jode eers by Jakob se seun, Juda, ontstaan het. DAAROM KAN ESAU SE NAGESLAG NIE AANSPRAAK MAAK OP DIE NAAM JOOD NIE! Maar die Edomiete het op hierdie naam aanspraak gemaak om die Judeërs en die ander Israelstamme uit hulle ERFLATING en GEBOORTEREG te probeer kul. Die Blanke Westerse volke kan slegs op hulle erflating en eersgeboortereg aanspraak maak MITS hulle weet wie hulle werklik is, en daarom word hierdie waarheid van die Blanke volke verberg.

Maar God is Satan altyd een voor, en profesieë moet op hulle regte tyd in vervulling gaan. Al het die Blanke volke hulle verbintenis met die naam Israel verloor, het God gesorg dat die Israelstamme intussen met ’n unieke naam genoem sou word, sodat hulle later sal weet dat hulle die uitverkorenes is.

“En jy sal met ’n nuwe naam genoem word wat die mond van die Here sal noem Jes.62:1-2.”

Die SAKSERS (Saxons), wat “seuns van Isak” beteken (Isaac’s sons), het in 721 VC hulle verskyning in die geskiedenis gemaak – DIE JAAR TOE HULLE DEUR DIE ASSIRIËRS WEGGEVOER IS. God sê ook in **Jes.45:4**:

“Ter wille van JAKOB my kneg, en Israel, My UITVERKORENE, het Ek jou by jou naam geroep; Ek het jou ’n erenaam gegee, hoewel jy My nie geken het nie.

(God het die huis van Israel laat wegvoer omrede hulle hul rug op Hom gedraai het).

Die Saksers huis van Israel bestaan uitsluitlik uit Blanke rasse. In **Jesaja 18** lees ons van die nasie met die blink vel wat anderkant die riviere van Kus woon. Die oorspronklike vertaling van “blink vel” is “mawrat” wat ook beteken om hardkoppig en onafhanklik te wees. Eva was so blink en wit soos ’n pêrel. Adam beteken ook lig van vel, rooierig en in staat om te bloos. Dogters van Jerusalem en Sion (Benjamin en Juda) word in die Hooglied van Salomo as volg beskryf:

“Ek is bruin gebrand...OMDAT DIE SON MY GEBRAND HET (tall and bronzed because the sun has looked upon me...FAIREST among women)...lieflik is u wange...u oë is soos druiwe (groen, blou of donker)...u hare is soos ’n kudde bokke (swart, bruin, rooi of wit)...u lippe is soos skarlaken (rooi) band...u borste is soos twee lammers (wit)...haarlokke...my beminde is skitterend WIT EN ROOI...sy hoof is GOUD...sy haarlokke is golwend swart soos ’n raaf...sy lippe is LELIES...sy liggaam ’n kunswerk van IVOOR...u hals is soos ’n IVOORTORING...u neus soos ’n toring (skerp)...”

DIT IS DUIDELIK ’n BLANKE RAS WAT HIER BESKRYF WORD.

Jesaja sê in **54:4** dat Sion nie sal nodig hê om te bloos nie. Dit is ook net ’n Blanke wat kan bloos.

“Toe het die Here met Moses gespreek en gesê: Heilig (stel apart) vir My al die eersgeborenes. Alles wat die moederskoot open onder die KINDERS VAN ISRAEL, van mense en van diere, DIT IS MYNE ...al die eersgeborenes van My seuns koop Ek los Ex.13:1,2 en 3.”

Vanuit **Genesis 2:15** verstaan ons dat ’n geslag mense sou voortspruit wat Satan sou aanhang en ’n ander wat God sou aanhang en dat die twee mekaar sou bestry. Hierdie tweestryd neem ’n aanvang met die stryd tussen Kain en Abel en later sien ons dit weer met die stryd tussen Jakob (die vader van die twaalf stamme van Israel), en Esau (wie onder die heiden- en donker nasies vermeng geraak het). Die geveg oor die eersgeboortereg is voortgesit deur Juda se tweelingseuns, Peres en Serag, want deur Peres is die uitverkore geslag voortgesit. Die slangsaad van Esau probeer deur die eeue heen om vir Jakob te bedrieg en sy bloedlyn te besoedel in ’n poging om die eersgeboortereg terug te steel.

Alhoewel Esau eerste gebore is, het Jakob se hand eerste sy verskyning gemaak tydens hulle geboorte. ’n Rooi lint is om sy gewrig vasgemaak (om die eersgeborene aan te wys), waarna hy dit teruggetrek het. Jakob en sy moeder Rebekka het ook nie nodig gehad om Isak te bedrieg om die seën van die eersgeborene te ontvang nie, want in God se oë was Jakob in elk geval die eersgeborene. Want, Hy is lief vir Jakob en haat Esau, sê dat Esau Jakob sal dien en dat Hy vertoornd is op Esau tot in ewigheid.

Wat sê die Woord van hierdie valse Jode? Christus was bewus van hulle identiteit en verskuilde agenda. Christus was self ’n Jood (Judeër) en sou nie aan die WARE Jode kon sê:

JULLE HET DIE DUIWEL AS VADER Joh.8:44 en: MAAR JULLE GLO NIE, WANT JULLE IS NIE VAN MY SKAPE NIE Joh.10:26.

Skape verwys altyd net na die huis van Israel (En ons, U volk en die skape van U weide...**Ps.79:13**).

Johannes sê in Openbaring 3:9: Kyk, Ek gee jou uit die SINAGOGE VAN SATAN, VAN DIE WAT Sê DAT HULLE JODE IS, EN DIT NIE IS NIE, maar LIEG. Ek sal maak dat hulle voor JOU (huis van

Israel) neerbuig en ERKEN dat Ek jou lief gehad het.

En in **Op.2:9**:

“Ek ken jou werke en verdrukking en armoede – maar jy is RYK – en die lastering van DIE WAT Sê DAT HULLE JODE IS, EN DIT NIE IS NIE, maar `n SINAGOGE VAN SATAN.”

Volgens die Bybel is diegene wat in die openbaar bekend staan as Jode – nie die ware Juda nie.

*“WANT NIE HY IS `n JOOD WAT DIT IN DIE OPENBAAR IS NIE **Rom.2:28.**”*

Die volgende vers lees:

“Maar hy is `n Jood WAT DIT IN DIE VERBORGENE IS”.

Dit beteken dat die ware Juda nie aan die wêreld bekend is nie. Christus het hierdie mense nooit probeer bekeer nie. Toe Hy deur die dissipels (almal Israeliete), gevra is waarom Hy van gelykenisse gebruik maak, het Hy geantwoord:

*“Aan JULLE is dit gegee om die verborgenheid van die koninkryk van God te KEN, maar vir HULLE WAT BUITE IS (buite die huis van Israel), kom alles deur gelykenisse, sodat hulle kan kyk EN NIE SIEN NIE, hoor en NIE VERSTAAN NIE, sodat hulle NIE miskien bekeer en die sondes hulle vergewe word nie **Mark.4:11-12.**”*

Hierdie “Jode” maak ook daarop aanspraak dat die staat van Israel die Heilige land is waarna hulle almal in die eindtyd sal terugkeer. Hulle sê: Ons sal terugkeer na die heilige land, en die verlate plekke herbou. EN GOD Sê:

*“Laat hulle bou, Ek breek dit tog af **Mal.1:4.** WANT: Waarlik, in die dag sal daar `n groot aardbewing wees in DIE LAND VAN ISRAEL...en die berge sal omvergegooi word en die kranse inmekaarstort en al die mure op die aarde val **Eseg.38:19-20.**”*

Die twaalf stamme van Israel, en nie die Edomiete nie, sal versamel word en in `n land bymekaar gebring word. `n Land wat God uithou en waarin Sy volk sal skuil terwyl die verwoesting van Armageddon en die Derde Wêreld Oorlog (DWO) aan die gang is. Hierdie land sal beslis nie in die Midde-Ooste wees nie, want ons het reeds gesien dat daar niks van die land Israel oor sal wees nie.

In die eindtyd sal die Here Sy volk, hierdie MENIGTE VAN NASIES wat uit Jakob afstam, wat oor die aarde en tussen die heidennasies verstrooi is, versamel en een volk maak. Ons lees in **Deut.4:27**:

“En die Here sal julle onder die volke (heidene) verstrooi en `n klein klompie van julle (die oorblyfsels/opregtes) sal ONDER DIE NASIES OORBLY waarheen die Here julle sal drywe...en al hierdie dinge AAN DIE EINDE VAN DIE DAE oor julle kom, sal jy na die Here jou God terugkeer. Hy sal die VERBOND van jou vaders wat Hy hulle besweer het, NIE VERGEET NIE”

en in **Mig.2:12**:

“Gewis sal Ek vergader die oorblyfsels van ISRAEL, almal bymekaar bring soos skape in `n kraal, soos `n kudde in sy weiveld, en dit SAL DREUN VAN MENSE.

En:

*En Ek sal hulle UITLEI UIT DIE VOLKE en versamel UIT DIE LANDE en hulle bring IN HULLE LAND **Eseg.34:13.***

Hierdie profesieë verwys na die eindtyd en het betrekking op die huis van Israel, en nie Esau en sy nageslag nie, en ook word daar nie verwys na die LAND (staat) van Israel nie.

Daar is denominasies wat verkondig dat die 144 000 verseëldes die oorblyfsel sal uitmaak en dat slegs hulle gered sal word. Dit staan tog duidelik in **Op.7:3-4** dat hulle DIENSKNEGTE sal wees uit die 12 stamme wat in die eindtyd die OORBLYFSELS van God se volk sal VERSAMEL om weer een volk te word.

Jan van der Westhuizen, skrywer van **“Die Boerevolk Se Oorsprong Deur Bedrog Verberg”**, haal aan uit **“Your Inheritance – The Best Kept Secret In The World”**:

“The ‘Jews’ of today have no purity of race, because they are not a ‘race’. Although they are a distinct ethnic people, they are not a race, for they are a cross-breeding of several races, predominantly Canaanite, with a good portion of oriented blood, some African blood, and more recently they have intermarried with the Germanic peoples in the attempt to camouflage themselves – even changing their names and having nose-jobs and other cosmetic surgery to hide the mark placed on Cain...”.

Maar Europeërs kom nou tot die besef dat die Christene onder hulle nie alleen `n geestelike Israel is nie, maar ook `n fisiese Israel verteenwoordig. En met hierdie besef vind hulle dit nou moeilik om die “Jood”, (soos hulle hom ken), aan hierdie fisiese en geestelike Israel te kan koppel. Die verhouding tussen die “Joodse” gemeenskap wêreldwyd en die res van die mensdom, bewys dat `n internasionale veldtog gevoer word. Die fisiese- en karaktereienskappe van die wat hierdie veldtog voer, kan nie met `n uitverkore volk vereenselwig word nie en daarom begin die Europeër in opstand kom teen die propaganda wat elke dag

aan hom opgedis word. Dit het ten doel om `n skuldgevoel by hom te laat ontstaan, en om sy identiteit te verberg.

Sien GESLAGSREGISTER agteraan dokument as AANHANGSEL A

HOOFSTUK 3

DIE VERLOSSING IS ALLEENLIK VIR DIE HUIS VAN ISRAEL

Die wêreld sê ons mag nie diskrimineer nie, ons is almal gelyk, ons naaste is die volksvreemde, en die Here het nou verander in `n reënbooggod wat Esau se nageslag ook liefhet. Ons word geleer dat dit “onchristelik” is om ons apart te stel van ander volke.

Die kerke, media en politiek is wêreldwyd goed ingespan om `n skuldgevoel by Blanke volke te kweek oor hulle herkoms en identiteit. Maar waarom? Want LIBERALISME, wat alle volke en gelowe gelykstel, IS DIE SLEUTEL TOT DIE ‘JODE’ SE NUWE WÊRELDORDE (NWO) wat die Antichris gaan huisves. Satan wil `n wêreldregering in plek kry wat oor alle volke en lande sal regeer. Die NWO kan slegs geïmplementeer word, mits die wêreldgemeenskap uit `n reënboognasie of identiteitlose volke bestaan. Alle volke moet gelyk wees en geen volk moet probeer opstaan om te veg vir sy onafhanklikheid nie. Volke wat `n bedreiging inhou vir die beplande NWO word geteiken deur `n skuldkompleks by hulle te kweek. `n Volk wat aan `n skuldgevoel ly oor sy herkoms en identiteit, verloor sy volkstrots. In die afwesigheid hiervan word die volkseie nie lewend gehou of aan die nageslag oorgedra nie. Die resultaat is `n identiteitlose volk wat gemanipuleer kan word. (Die lande wat aan die Europese Unie behoort, vorm reeds deel van hierdie beplande NWO).

Al probeer die wêreld hoe hard om `n reënboognasie daar te stel, sal hulle nooit daarin slaag nie. Of het `n god probeer om vir hom `n NASIE UIT `n ANDER NASIE te gaan neem? **Deut.4:34**. Net soos `n rooibok nie `n springbok kan word nie (al wil hy) en ook nie tussen `n trop springbokke buite sy habitat sal kan oorleef nie, net so kan `n god ook nie daarin slaag om `n nasie uit `n ander nasie te wek nie.

Die kerke verkondig gelykheid tussen rasse en dat die verlossing almal toekom. Hierdie God van liefde, sê hulle, sal nie sekere volke uitsonder en ander verwerp nie. Maar hierdie leer is heeltemal teenstrydig met die Woord van God.

*“Jakob het Ek liefgehad, MAAR ESAU HET EK GEHAAT. Wat sal ons dan sê? Is daar miskien onreg by God? NEE, STELLIG NIE! Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig WIL wees, en My ontferm oor wie Ek My WIL ontferm. SO HANG DIT DAN NIE AF VAN DIE EEN WAT WIL...maar van God wat barmhartig is...so is Hy dan BARMHARTIG OOR WIE HY WIL EN HY VERHARD WIE HY WIL...maar tog o mens, WIE IS JY WAT TEEN GOD ANTWOORD? Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het U my so gemaak nie **Rom.9:13-16**.”*

Alhoewel Romeine lank na die kruisiging geskryf is, verkondig die kerke verder dat “alles het verander met die koms van Christus”, (en dan besluit hulle ook sommer self wat alles kwansuis verander het). Kom ons kyk wat Christus self gesê het aan wie die verlossing toekom:

*“Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en hulle BEVEL gegee en gesê: MOENIE gaan op pad na die HEIDENE nie, en moenie ingaan in `n stad van die Samaritane nie, MAAR GAAN LIEWER NA DIE VERLORE SKAPE VAN ISRAEL **Matt.10:5-6**.”*

Ook staan daar:

*“En sy sal `n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy (Christus) wat SY VOLK van hulle sondes sal verlos **Mat.1:21**. Hy (Christus) sal koning wees oor die huis van Jakob (sy genetiese bloedlyn) TOT IN EWIGHEID **Luk.1:33**.”*

Christus het verder gesê:

*“Jy moet jou naaste liefhê...aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete **Matt.22:37-40**.”*

Wie is jou NAASTE? Daar bestaan geen twyfel dat jou naaste jou broer en volksgenoot is, d.w.s. daar bestaan `n genetiese verwantskap.

*“...my BROERS, my STAMGENOTE na die VLEES...hulle is ISRAELIETE...aan wie die aanneming behoort...uit wie die Christus is na die vlees...**Rom.9:3-5**. Jy mag jou BROER in jou hart nie haat nie. Jy moet jou NAASTE liefhê soos jouself **Gal.5:13-14**.”*

Wat van die barmhartige Samaritaan? Jesus het gevra wie van hierdie drie sy naaste was, en die wetsgeleerde het geantwoord dat die Samaritaan sy naaste was, waarop Jesus geantwoord het: GAAN EN DOEN JY NET SO. Jesus het nie gesê hy IS sy naaste nie, maar gaan en doen jy net so. Indien almal ons naaste is, sou Jesus gesê het dat die priester, Leviet en Samaritaan almal sy naaste was. Dit was dan Jesus wat Sy dissipels bevel gegee het om nie na die heidene of Samaritane te gaan nie.

In **Joh.17** met die opskrif “Die gebed van Jesus vir sy dissipels” sê Jesus:

“Ek bid vir hulle (dissipels), Ek bid nie vir die wêreld nie...Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat DEUR HULLE WOORD in My sal glo.”

Wie is “hulle” wat deur die woord van die dissipels sal glo? Israeliete, want Jesus het sy dissipels bevel gegee om nie na die heidene toe te gaan nie, maar na DIE VERLORE SKAPE VAN ISRAEL (**Matt:10:5-6**). Jesus het ook gesê:

“Ek is net gestuur na DIE VERLORE SKAPE VAN ISRAEL Matt.15:24.”

Dit is gevaarlik om enkele verse uit die Woord te lig, want enige betekenis kan daaraan gekoppel word. Dit moet in konteks met die hele hoofstuk gesien word. Verder is dit soms belangrik om oorspronklike vertalings na te slaan om die korrekte betekenis van sekere woorde te bepaal. Die Griekse woord HEILIG beteken om APART te wees.

*“Want jy is `n volk HEILIG (apart gestel) aan die Here jou God, jou het die Here UITVERKIES om uit AL die volke wat op die aarde is, sy EIENDOMSVOLK te wees **Deut.7:6**. Ek is die Here julle God wat julle van die volke AFGESONDER het...Ek het julle AFGESONDER om Myne te wees **Lev.20:24-26**. Toe Israel uit Egipte getrek het...het Juda Sy HEILIGDOM geword...**Ps.114:1-2**.”*

God het `n land aan Abraham en sy nasate belowe, maar nêrens in die Skrif word vermeld dat hulle vestiging in Israel, na hulle Egiptiese ballingskap, permanent sou wees nie. God het reeds vir Jakob gesê hy sal uitbrei na die ooste, noorde, weste en suide en dat die geslagte van die aarde geseënd sal wees (**Gen.28:14**).

Die Woord sê herhaaldelik in die Ou- en Nuwe Testament, dat God geslagsvermening haat, die sluiting van verdrae en ooreenkomste met vreemde volke en enige vorm van samewerking tussen Sy volk en die ander nasies. Waarom dan word die woord “Israel” nie in die kerke genoem, of preke daarvoor gelewer, terwyl hulle daarop aanspraak maak dat die Bybel hulle bron van waarheid is nie? Omrede dit nie inskakel by die wêreldprediking nie, aanstoot gee aan volksvreemdes en beskou word as uiters rassisties. As dominees en pastore nie bereid is om die Woord in sy geheel te aanvaar en verkondig nie, in wie se diens is hulle dan werklik? Watter Christenkerke sal die volgende opdragte vanuit die Woord aan hulle gemeentes oordra?

OOR ISRAEL:

*“Ek is die Here julle God wat julle van die volke AFGESONDER het...Ek het julle AFGESONDER om Myne te wees **Lev.20:24-26**. Kyk, `n volk wat afgesonderd woon en hom nie tot die nasies reken nie **Num.23:9**. Julle mag nie met hulle meng nie, en hulle mag nie met julle meng nie...**1 Kon.11:2**.”*

Die nasies waarna die Here hier verwys in vers een, is donker nasies en Edomiëte. God het Salomo gestraf omdat hy hom vermeng het met hierdie nasies. Dit is ook die nie-Israeliete wat nie in die vergadering van die Here mag kom nie (**2 Kor.6:14 en Klaag.1:10**), wie ons nie oor ons mag aanstel nie (**Deut.17:14,15**), op wie die Here vertoorn is tot in ewigheid (**Mal.1:4**), oor wie Hy nie van ouds af geheers het en oor wie Sy Naam nie uitgeroep is nie (**Jes.63:19**). Dit is van hierdie volke wat Dawid gesê het:

*“Hulle wat arglistig teen U spreek...U teenstanders! Here, sou ek die nie haat, WAT U HAAT, en `n afsku hê van die wat teen U ontstaan nie? EK HAAT HULLE MET `n VOLKOME HAAT, vyande is hulle vir my **Ps.139:22**.”*

Alle volke, nasies en tale verwys na die MENIGTE VAN NASIES wat uit Jakob sou afstam. `n Verdere bewys dat God hier na Sy volk verwys is in **Sag.8:23**:

“In die dae sal TIEN man uit AL DIE TALE VAN DIE NASIES die slip van `n JOODSE man gryp en dit vashou.”

Die tien mans verteenwoordig die tien stamme van Israel, en die Joodse man die twee stamme van Juda, in totaal twaalf stamme – DIE HUIS VAN ISRAEL.

Voor ons die sendingsreise van naderby kan bekyk, moet ons eers vasstel wie die “Jode en heidene” is, (in Engels “Jews and Gentiles”). Die Jode bestaan uit Juda en Benjamin en die heidene (Gentiles) die ander tien stamme. Of behoort God net aan die Jode (Juda en Benjamin), en nie ook aan die heidene nie (Gentiles/die ander tien stamme) **Rom.3:29**. DIE HEIDENE AAN WIE DIE WOORD VERKONDIG IS, WAS ONGELOWIGE ISRAELIETE. God het dan juis die huis van Israel verstrooi omrede hulle hul tot afgodery gewend het.

Die woord “heiden” (heathen) word deur die Strongs Konkordansie verklaar as vreemde nasies (“other nations as distinguished from the Hebrews”), “...but it generally means idolators”. Omdat Israel hulle tot afgodery gewend het, is daar gevalle waar die huis van Israel vertaal word met heiden, bv. **Rom.9:24 en 3:29**. Wanneer Paulus van “ons” praat, wat God roep ook uit die heidene (afgodedienaars), verwys hy na Israel, want Paulus was self `n Israeliet en praat namens sy volk. In **9:4** sê Paulus, behoort die sakramente slegs tot Israel en in **vers 27** dat slegs die oorblyfsels van Israel gered sal word. Hy sê ook in vers een in

die volgende hoofstuk:

“Die gebed wat ek tot God vir ISRAEL doen, is tot HULLE redding.”

(Ook interessant is die Hebreeuse woord “Ger” [Germaan], wat beteken RASEGTE ONGELOWIGE).

Handelinge, wat die sendingsreise van die apostels beskryf, verwys dikwels na die “heidene” tot wie die bekering en Heilige Gees ook behoort. Hierdie “heidene” was ongelowige Israeliete wat dan verstrooi was deur die verdrukking...tot by Fenicië, Ciprus en Antiochië...**11:19**. In die volgende vers word hierdie mense Cipriese en Cirenese genoem en word daar ook na Grieksprekende Jode verwys. **HULLE HET DUS BURGERS VAN DIE ONDERSKEIE LANDE GEWORD.**

Hand.15:14-20 verduidelik wie hierdie heidene was:

“God het uitgesien om `n volk uit die heidene vir Sy Naam aan te neem...Ek sal terugkom en die vervalle hut van Dawid (huis van Juda) weer oprig...sodat die OORBLYFSEL die Here kan soek, en al die nasies OOR WIE MY NAAM UITGEROEP IS (Engelse vertaling: “Gentiles” / die nie-Jode d.w.s. die ander tien stamme)...die wat uit die heidene hulle tot God bekeer, nie moet bemoeilik nie (that we should not make it difficult for the Gentiles who are turning to God – die tien stamme). Maar dat hulle moet onthou van die dinge wat deur die AFGODE besoesel is...”

Omdat hierdie Israeliete die identiteit/burgerskap van die lande aangeneem het waarheen hulle verstrooi is (**11:19-20**), kan ons aanvaar dat die Samaritane, Ethiopiërs ens. aan wie die apostels die Woord verkondig het, heidense Israeliete was. Christus het dan Sy dissipels bevel gegee om nie na die heidene of Samaritane te gaan nie, maar na DIE VERLORE SKAPE VAN ISRAEL. Paulus spreek God se genade en vrede uit oor die vreemdelinge van die VERSTROOING in Pontus, Galasië en Asië...UITVERKORE volgens die voorkennis van God. Paulus vra in **Rom.3:29**:

“Of behoort God net aan die Jode (Juda en Benjamin) en nie ook aan die heidene nie (Gentiles/die ander tien stamme)?”

Wat sê Handeling verder hieroor?

“En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. LUISTER ISRAELIETE...(2:21) Laat dan die HELE HUIS VAN ISRAEL sekerlik weet...(v36) Sê Petrus vir die VOLK! ISRAELIETE...(3:12) die God van Abraham, Isak en Jakob, die God van ons vaders...(v13) God het vir Abraham gesê: En in jou SAAD sal die geslagte van die aarde geseën word... (v25) deur die hande van die apostels het daar baie tekens en wonders onder die VOLK plaasgevind...(5:12) om aan ISRAEL bekering en vergifnis van sondes te skenk...(v31) maar dat in ELKE NASIE (12 stamme) die een wat Hom vrees, Hom welgevallig is. Dit is die woord wat Hy gestuur het AAN DIE KINDERS VAN ISRAEL...(10:35-36).”

Paulus was nooit by die donker of geel nasies gewees nie. Jesus het voor Sy kruisiging en na Sy opstanding die dissipels bevel gegee om slegs na die VERLORE SKAPE VAN ISRAEL TE GAAN. Die Heilige Gees het Paulus ook verhinder om die woord in Asië te verkondig (**Hand.16:6**). Christus sê aan die dissipels (almal Israeliete):

“Gaan dan heen en maak dissipels van AL DIE NASIES...(ethnos – van dieselfde bloedlyn of ras).

Christus sou hulle nie na nasies buiten die twaalf van Israel gestuur het nie, nadat Hy die opdrag gegee het om van die heidene en Samaritane af weg te bly.”

In Hebreeus beteken die woord “wêreld” grondgebied, wêreld, aarde of bewoonde gebied. Die oorspronklike vertaling uit Grieks is kosmos of oikoumene wat beteken `n wêreldlike sisteem, sosiale sisteem, samelewing, Romeinse Ryk of ordelike bestel. Die woord “wêreld” verwys dus nie altyd na die hele aardbol nie. Paulus skryf in **Kol.1:3-6** van die Evangelie wat hulle sowel as die hele wêreld bereik het en wat verkondig is in die ganse mensdom onder die hemel. Hier sê Paulus dat sy sendingopdrag uitgevoer is, en tog was hy nog nie by die nie-Israelitiese heidene nie. In **Luk.2:1** word verklaar: ...het `n bevel uitgegaan van keiser Augustus dat die hele wêreld ingeskryf moes word. Dit is net logies om te aanvaar dat hy `n volkstelling binne sy eie wêreld, die Romeinse Ryk, voor oë gehad het. In **Matt.10** met die opskrif

“Die twaalf apostels en hulle sending” sê Christus in vers 23: ...Want voorwaar Ek sê vir julle, julle sal met die stede van ISRAEL (nie die heidennasies) sekerlik nie klaar kry voordat die Seun van die mens kom nie.

Die “Grieke” was ook niks anders as Israeliete wat Grieks gepraat het nie – verstrooides onder die Grieke. Paulus se briewe het uitsluitlik almal met Israel te doen en was aan Israeliete gerig. Wanneer hy skryf aan die geroepenes in Rome, verwys hy na die uitverkorenes. In **Rom.9:3** praat hy van sy broers, sy stamgenote na die VLEES wat Israeliete is, tot wie die sakramente behoort. Hy verwys ook na Abraham ons vader na die VLEES (4:1) en verbind die gemeentede van Rome met Abraham as hul biologiese vader. Paulus se drie sendingreise was almal na gebiede waarin Israel weggevoer is. Die boek van Handeling verwys ook verskeie kere na Grieksprekende Jode. In **Joh.7:35** lees ons:

“HY WIL TOG NIE NA DIE VERSTROOIDES ONDER DIE GRIEKE GAAN EN DIE GRIEKE LEER NIE?”

Die gawe van die Heilige Gees is dan ook net vir Israel.

*“Laat dan die hele HUIS VAN ISRAEL sekerlik weet...bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en JULLE sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die beloftes kom JULLE toe en julle kinders (nageslag) **Hand.2:36-39.***

Indien Paulus wel die evangelie aan die donker en geel nasies verkondig het, waarom is hulle nie vandag Christen-nasies nie, en waarom het hulle dan eers eeue na Christus vir die eerste keer by die witman van Hom gehoor? Om te sê dat God se volk ’n “geestelike” Israel verteenwoordig en nie ’n genetiese Israel nie, is van alle waarheid ontbloot. Die nie-Israëliete, die wat nie uit die twaalf stamme van Israel GEBORE is nie, is ...soos HULLE oor wie U NIE van ouds af geheers het NIE, OOR WIE U NAAM NIE UITGEROEP IS NIE **Jes.63:19.**

Die Nuwe Jerusalem het twaalf poorte, met name daarop geskrywe, naamlik die van die twaalf stamme van Israel (**Op.21:12**). Daar is nie ’n poort vir die res van die nasies nie, die wat nie die fisiese afstammeling van Jakob is nie. Die hele Woord en Boodskap is alleenlik vir die Blanke Westerse volke.

Die laaste oorlog sal ’n stryd tussen verskillende rasse wees. Die een nasie (ethnos/ras) sal teen die ander opstaan **Matt.24:7-8**. As ons “almal broers in Christus” is, wie gaan met Sy Wederkoms die bokke wees wat Hy van die skape gaan skei? En as alle volke gelyk is voor God, wie is die volke wat God gaan tref wat teen Sy volk optree gedurende hierdie laaste oorlog?

*JULLE ALLEEN het Ek geken uit al die geslagte van die aarde **Amos 3:2**. Hierdie een (die bediende) sal jou erfgenaam nie wees nie, maar die een wat UIT JOU LIGGAAM sal voorkom **Gen.15:4**. Of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? ...daarom, GAAN ONDER HULLE UIT EN SONDER JULLE AF **2 Kor.6:14-17**. Dat GEEN Amoriet of Moabiet (donker nasies) TOT IN EWIGHEID in die VERGADERING VAN DIE HERE mag kom nie. En toe hulle die wet hoor, het hulle al die mense met GEMENGDE BLOED uit Israel afgesonder **Neh.13:1-3**.*

Gee julle dogters nie aan hulle seuns nie

“...en SOEK TOT IN EWIGHEID NIE HULLE VREDE EN GELUK NIE, sodat julle kan sterk word en die goeie van die land geniet en dit aan julle kinders as besitting kan gee TOT IN EWIGHEID.”

***Esra 9:12**. MOENIE IN DIESELFDE JUK TREK MET DIE ONGELOWIGE NIE. **2 Kor.6:14**.*

*“Jy mag GEEN UITLANDER wie jou broer nie is nie, oor jou aanstel nie **Deut.17:14**.”*

Daarom is dit vir die kerke so gerieflik om te sê: “Alles het verander met die koms van Christus”. Hierdie woorde staan nêrens in die Skrif nie, en volgens die kerke bestaan die Ou Testament net uit geskiedenis (en nie ook profesieë nie) en is nie meer van toepassing nie. Die waarheid staan soos ’n paal bo water: En julle sal die WAARHEID ken, en die waarheid sal julle VRYMAAK **Joh.8:32**. Predikante bou dikwels ’n preek rondom hierdie vers (hulle besluit sommers self watter “waarheid” hier van toepassing is). Dit verwys na die waarheid oor ons IDENTITEIT wat ons sal vrymaak, (gaan lees die hoofstuk self). Alleenlik dan sal ons beseft dat ons ’n uitverkore volk is, en op ons erfreg as eersgeborenes aanspraak maak. Maar, intussen gaan ons ten gronde weens ’n gebrek aan hierdie kennis.

HOOFSTUK 4

JUDA IN SUID-AFRIKA

Juda se embleem, die Bruin Leeu, verskyn op die wapenskilde van Nederland, Noorweë, Swede, Finland, België, Luxemburg, Skotland, Ierland en die ou Suid-Afrika.

Die profete van ouds het die volksplanting van ’n edelstam, die Dogter van Sion (die jongste Israelvolk), in die land suid van die riviere van Kus beskryf. ’n Geloftesvolk wat onbewustelik die troon van Dawid sou bewaar. ’n Volk wat aanslae van swart stamme (die Hetiete, Girgasiete, Amorie, Kanaäniete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete), Efraim (Engeland) en Esau (die valse Jode) sou verduur. Hulle het selfs Efraim se geweld teenoor die Boer en sy erfdeel beskryf, hoe hulle die vrouens sou verdryf uit die huise wat hulle liefhet, hulle kinders die sieraad ontnem en uiteindelik dan ’n heiden as koning oor hulle aanstel.

Hierdie volkie, het die profete vertel, sou afvallig raak en aan ’n geweldige strafgerig oorgegee word. Die geskiedenis herhaal homself en vandag staan die Boerevolk weer met sy rug teen die muur, is onder sensuur en sonder sy kerk, net soos destyds by Bloedrivier. Hierdie keer egter is die hele wêreld teen hom en staan sy vyande ook langs en agter hom.

Die Here het Suidelike Afrika met ’n baie spesiale doel gekies as ’n land waar Hy hierdie jongste Israelvolk in aansyn sou roep. Ons volksplanting word in die Woord beskryf. As ons weet wie ons Bybelse voorvaders was en uit wie ons stam, dan sal ons ook beseft watter profesieë op ons volk van toepassing is.

JUDA EN BENJAMIN:- Die stam van Juda bestaan uit Juda en Benjamin, want Benjamin het deel van Juda geword volgens **Jer.6:3, 1Kon.11:30-32 en Gen.43:8-9**. Jerusalem was eers Benjamin se hoofstad (die Dogter van JERUSALEM verwys na Benjamin). Die Sion area, die stad van Dawid, was Juda s'n (die Dogter van SION verwys na Juda).

DIE BERG SION, SUID VAN DIE RIVIERE VAN KUS:- As ons lees van profesieë vir die DOGTER VAN SION, verwys dit na VANDAG se berg Sion, SUID VAN DIE RIVIERE VAN KUS. In Hebreeus het AFRIKA as KUS, en in Grieks as Etiopië, bekend gestaan. (Die Engelse Bybel gebruik gewoonlik die Griekse vertaling "Ethiopië" i.p.v. "Kus" wat misleidend is). Volgens antieke Bybelkaarte is die riviere van Kus die Zambezi, Kunene (die grens tussen Angola en Namibië), Kavango en Kuando. DIE LAND SUID/OORKANT DIE RIVIERE VAN KUS, IS DUS SUIDELIKE AFRIKA. (In die profesieë beteken "berg" altyd koninkryk en "heuvels" kleiner koninkryke op aarde).

Wat was, sal weer wees, en wat gebeur het, sal weer gebeur...**Pred.1:9**. God het deur die profete gesê dat Dogters van Sion en Jerusalem hier, suid van die riviere van Kus, sou woon.

Sefanja was 'n profeet uit die stam van Juda. Toe hy geprofeteer het, was daar geen Blankes in Suidelike Afrika nie, tog is Israel 'n Blanke ras, en kon hy daarom net na toekomstige dae gekyk het wanneer Dogters van Jerusalem en Sion hier sou woon. Maar Sefanja was nie die enigste profeet was 'n Israëlvolk hier aan die suidpunt van Afrika gesien het nie:

OORKANT DIE RIVIERE VAN KUS vandaan sal My aanbidders, My verstrooide gemeente, My offerande bring en Ek sal tussen julle laat oorbly 'n ELLENDIGE EN GERINGE VOLK...die OORBLYFSELS VAN ISRAEL... Jubel o DOGTER VAN SION...Sef.10:14

Wee die land van vlerkgegons wat ANDERKANT DIE RIVIERE VAN KUS Lê...die hoog uitgegroeide nasie met die BLINK (Blanke) vel na die wyd en syd gevreesde volk, die nasie gewoon om te verbied en te vertrap...wie se land deur riviere deursny word...van die PLEK van die Naam van die Here...na die BERG SION. Jes.18:1-7.

En vir die stam van die KINDERS VAN JUDA, volgens hulle geslagte, het die lot geval...tot VER IN DIE SUIDE en hulle SUIDELIKE LYN was van die end van die soutsee VAN DIE TONG AF WAT NA DIE SUIDE TOE UITSTEEK. Jos.15:1-2.

Sy grondvesting is op heilige berge. Die Here het die poorte van SION lief bo al die wonings van Jakob (verstrooide Israeliete elders)...saam met KUS – HIERDIE EEN IS DAAR GEBORE. En van SION sal gesê word: MAN VIR MAN IS DAARIN GEBORE...Die Here sal tel as Hy die volke opskrywe: HIERDIE EEN IS DAAR GEBORE. Ps.87:1-6.

En Hy sal 'n banier ophef vir die nasie in die VERTE, en Hy fluit vir die volk aan die EINDE VAN DIE AARDE, en kyk, gou, haastig kom hulle. Jes.5:26.

'n Volk wat UIT DIE NASIES VERSAMEL IS, wat vee en goed verwerf het, op DIE MIDDELPUNT VAN DIE AARDE WOON. Eseg.38:12.

Die berg Sion verwys na suidelike Afrika. As die Here deur die profete sê dat 'n oorblyfsel van Israel hulle oorkant die riviere van Kus sal bevind, 'n ellendige en geringe volk wat by Sy Naam sal skuiling soek, - DAN BEDOEL HY NET DIT, want:

God is geen Man dat Hy sou lieg nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie? (Num.23:19).

HOOFSTUK 5

DIE VOLKSPLANTERS KOM IN SION AAN

Die Katolieke aanvalle en vervolgings het Christene in 1652 na die land suid van die riviere van Kus geroep. Dit was alles deel van God se plan om Sy jongste Israëlvolk hier te vestig.

Maar hulle het besluit dat hulle die menigte heidene (Katolieke) sou verlaat en het weggegaan na 'n VER LAND waar geen MENS ooit gewoon het nie. Apokriewe boek van Esdras 13:41.

In die eerste tyd het Hy die land Sebulon (Nederland) en die land Naftali (België – Vlaminge, Franse en Duitsers) in veragting gebring (Katolieke stryd) en in die laaste tyd bring Hy tot eer die weg na die see, na die streek van die heidene. Jes.8:23.

Met ons ore het ons dit gehoor, ons vaders het ons dit vertel: 'n Werk het U gedoen in hulle dae, in die dae van die voortyd. U het met U hand nasies verdrywe maar HULLE geplant. U het volke kwaad aangedoen (Katolieke stryd) hulle daarenteen laat uitspruit...omdat U 'n welbehae in hulle gehad het. Ps.44:2-4.

Die Oos-Indiese Kompanjie is gestig om deur winsgewende handel met die Ooste, fondse te bekom om hierdie geloofstryd teen die Katoliek-Spaanse dwingelandy te help verlig. Oorspronklik sou Kaappunt net

dien as 'n verversingspos, maar die Here se voorsienende Hand het ingegryp ten einde die volksplanting van die Boerevolk aan die suidpunt van Afrika te verwesenlik. Die Nederlanders is gevolg deur die Franse Hugenote, wat met die herroeping van die Edik van Nantes, hulle land en besittings prysgegee het ter wille van hulle geloof, en hulle via Nederland aan die Kaap kom vestig het. Ook 'n klompie Duitsers het hulle aan die Kaap kom vestig.

In 1795, 143 jaar na die volksplanting, het Brittanje die Kaap beset om hulle seeroete na die Ooste te beskerm. Hulle het die Hottentotte gelykgestel aan die Blankes wat diefstal, moord en plundering tot gevolg gehad het. Ook is die skole en kerke verengels. Hier het die eerste opflukking van nasionalisme onder die burgers merkbaar geword.

Hierdie burgers was nie bereid om onder die Engelse juk te staan, of met Gam se geslag gelykgestel te word nie, en dit het tot die Groot Trek aanleiding gegee. Die Trekkers het die allernodigste saamgeneem en dus ook hulle Bybels en geloof. Hierdie Voortrekkers het hulle vereenselwig met die kinders van Israel en het geglo dat hulle 'n uitverkore volk was op weg na 'n beloofde land. Hulle het daagliks leiding gesoek in die Bybel, veral in die Ou Testament.

Die Kaapse Kerk (NG Kerk) was onsimpatiek teenoor die Groot Trek. Volgens die kerk was die burgers nie vry nie, maar gebonde aan die staat. Hulle is onder sensuur geplaas en hulle gebede sou (volgens die kerk) nie verhoor word nie. Die Trekkers het hulle nie daaraan gesteur nie, die binneland ingetrek en dus verhard in hulle "sonde". Met die Slag van Bloedrivier is die kerk verkeerd bewys, toe die Boere, sonder die kerk en nog steeds onder sensuur, in die laer as gelowiges saamgestaan en teenoor God 'n Gelofte afgelê het.

Uit hierdie groepie pioniers het die Boerevolk gegroei. Die meeste Boere trek toe oor die Drakensberge en vestig hulle in Transvaal en Vrystaat. Maar, weereens volg die Britse gesag hulle. Met die ontdekking van goud en diamante in die twee Boere Republieke, (wat internasionale erkenning geniet het), kon Brittanje, aangeblaas deur die "Joodse" geldmag, nie veel uitrig teen die handjievul Boere nie, totdat Lord Roberts met sy "verskroeiende- aarde" beleid begin het, en 27 000 vrouens en kinders in konsentrasiekampe vermoor het. Buite die kampe is 12 000 vermoor. Die vrouens en kinders wat in hierdie oorlog omgekom het, was sewemaal meer as die burgers wat op die slagvelde gesneuwel het.

DIE STAMME WAT HULLE AAN DIE KAAP KOM VESTIG HET:- Die Blanke volke se embleme en wapenskilde kan almal nagespoor word tot in Israel, en dateer terug tot eeue voor Christus. (Ook interessant is die klip, bekend as Bet-el, waarop Jakob se kop gerus het, wat die stam van Efraim vergesel het tot in Engeland en vandag nog in die Westminster Abby is).

'n VOLK WAT UIT DIE NASIES VERSAMEL IS...

Indien 'n Blanke 'n swarte bejammer of barmhartigheid teenoor hom toon, beskou die swarte hom as 'n swakkeling, omdat dit sy natuur is om te glo dat dié wat sy guns wil wen, dit uit vrees vir hom doen. Swartes lag vir liberaliste en vertrou selfs nie die wat lid van die ANC is nie, want as hulle hul eie soort kan verrai en verlaat, sal hulle nooit deur die ander vertrou kan word nie. Geen swarte sal van sy geweldsplanne afsien nie, al sou hy selfs daarvan bewus wees dat die slagoffer 'n “Ja”-stemmer, lid van die ANC is of sendingwerk doen. Só persoon is in sy oë 'n swakkeling en het in elk geval 'n wit vel en word as vyand beskou.

Nokuzalo Mndende, dosent van godsdienstige studies aan die Universiteit Kaapstad het verklaar:

“Baie swart mense is miskien in naam Christene, maar nie in die praktyk nie. Die Christendom is iets wat swartmense aangeleer het. Tradisionele gelowe is iets waarmee hulle gebore is en waarvolgens hulle leef. Swart predikers van baie hoofstroomkerke preek in die dag oor die Christendom en neem in die aande aan tradisionele rituele soos voorvadergeesaanbidding deel. Hoewel sendelinge probeer het om swartmense te verander, het hulle gefaal.”

(Al ooit gehoor van 'n swarte wat uit eie inisiatief sendingwerk begin doen het, sonder dat Blankes hom finansiële ondersteun en onderhou?).

Joan Hofmeyer skryf in haar boek **Die Berg Sion Wat Hy Liefhet**:

“Geen sendingwerk onder hulle wat nie van Israel is nie, sal ooit 'n enkele vrug oplewer nie, ook is dit vrugtelos om al daardie miljoene Bybels te versprei onder hulle waaroor Sy Naam nie uitgeroep is nie”.

Albert Schweitzer, Nobelpryswenner, het na 52 jaar as 'n sendeling in Afrika verklaar dat hy sy tyd gemors het, en erken dat swartes tot 'n sub-ras behoort en dat die witman sy meerderwaardige status moet behou. Verder het hy gewaarsku dat indien 'n wit man poog om as sy gelyke onder hulle te leef, hulle hom en sy werk sal vernietig.

Nog 'n voorbeeld van iemand wat met hierdie “broederlike liefde” tweede gekom het was **Sir Garfield Todd** wat Eerste Minister was van Rhodesië tussen 1953 en 1958. Op 'n party kongres in 1958 is hy verslaan a.g.v. sy ondersteuning aan die terroriste magte gelei deur Robert Mugabe. Hy is egter met ridderskap deur die Britse koningin beloon vir sy ondersteuning en deelname aan die “liberation struggle” van Mugabe. Wat interessant is, is dat hy nou Zimbabwe burgerskap geweier word.

Die nuwe volkslied Nkxhose Sikele ‘iAfrika, is ook gladnie so onskuldig soos dit mag klink nie. Dit is nie 'n “gebed vir Afrika” soos voorgegee word nie, maar 'n gebed vir die voorvadergeeste van Afrika. Enige persoon wat saam sing, al ken en verstaan hy nie die woorde nie – al staan hy net op aandag, vereenselwig hom met Satan en gee eerbied aan die voorvadergeeste.

Ons voorvaders het groot opofferings gemaak ter wille van hul vryheid. Die Franse Hugenote het hul land en besittings prysgegee. Die grensboere het hul waens gepak, die binneland ingetrek en die gevare en aanvalle wat op hulle gewag het, trotseer. Hulle het twee Vryheidsoorloë deurgemaak en die pyn en lyding van die konsentrasiekampe vir hulle en ons, die nageslag, se vryheid. Maar ons sê: “Nee vat ons land, vat ons vryheid, vat ons kinders se toekoms, maar moet asseblief net nie ons sport vat nie!” (Hoeveel Blankes het nie “Ja” gestem, en daardeur hul Blanke soewereiniteit prys gegee net ter wille van sport nie?).

“JUDA (die Boerevolk) het troueloos gehandel en 'n GRUWEL in Israel en Jerusalem gepleeg, Juda het

die HEILIGDOM van die Here ONTHEILIG (heidene in die kerke toegelaat en apartheid as sonde bely) en die dogter van 'n uitlandse god getrou (aanvaar die heidene) **Mal.2:11.**”

HOOFSTUK 12

VERRAAD TEEN DIE BOEREVOLK

“En julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van My Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en MEKAAR VERRAAI en MEKAAR HAAT. En baie VALSE PROFETE sal opstaan en baie mense MISLEI. MAAR WIE VOLHARD TOT DIE EINDE TOE, HY SAL GERED WORD **Matt.24:9.**”

Adriaan Snyman skryf:

“Daar is egter nie meer 'n plek waarheen getrek kan word nie, en die Boer staan reeds met sy rug teen die muur, want sy haglike omstandighede vandag is nie omdat hy aangeval en te lafhartig was om hom te verdedig nie, maar omdat hy verraai en uitgelewer is aan presies dieselfde vyand teen wie hy daar by Bloedrivier geveg het”.

Ons het die donker, moedelose tyd betree waarvan Siener van Rensburg gepraat het. Ons volk, wat bereid was om die wapen op te neem voor die 1994 verkiesing, het vertrou op afgetrede generaals en sogenaamde regse leiers wat ons bedrieg en in lokvalle gelei het. Die Boerevolk is selfs huidiglik in staat om sy land met geweld terug te neem, maar omrede hy leierloos is (geen “leier” kan na dese vertrou word nie), en omrede daar nog verraaiers in sy midde is wat hom aan die vyand sal uitlewer, is hy magteloos.

“As dan iemand die geluid van die basuin hoor, maar hom nie laat waarsku nie, en die swaard kom en neem hom weg, dan is sy bloed op sy hoof. As DAARENTEEN die WAG die swaard sien kom en met die basuin NIE BLAAS NIE (die volk nie waarsku nie), sy bloed sal Ek van die hand van die wag eis...WAAROM WIL JULLE STERWE, O HUIS VAN ISRAEL? **Eseg.33:2-6.**”

Dr. Verwoerd was die laaste leier wat die basuin geblaas het. Na die Rivonia-verhoor (waartydens Mandela en sy makers lewenslange tronkstraf opgelê is) het hy in sy verklaring gesê:

“Wanneer dus gesê word hulle (die wêreld) is bly dat Mandela 'n lewenslange straf en nie 'n doodstraf gekry het nie – want hy mag nog, soos Kenyatta die leier in die toekoms word – dan sê ek: God verhoed dit!” (**Uit Rivonia-Masker Af deur Lauditz Strydom**).

Geen leier het na Verwoerd die basuin geblaas om die volk te waarsku teen 'n kommunistiese oorname nie, intendeel, hulle het in die geheim met die vyand gekonkel en ons uitverkoop.

“Wat vir 'n OMKOOPIESKEM die skuldige (Mandela) regverdig verklaar en die reg van die regverdige hom ontnem **Jes.5:20**. Wee hulle wat planne diep verberg...wie se werk in duisternis plaasvind **Jes.29:15**. Omdat julle met leuens (misleading) die hart van die regverdige droewig gemaak het... EN DIE HAND VAN DIE GODDELOSE VERSTERK HET **Eseg.13:22**. Julle wat van die reg 'n afsku het, en ALLES WAT REG IS VERDRAAI **Miga 3:9.**”

Voor die 1994 verkiesing was daar 'n paar opregte Boere van die kaliber van De Wet, De la Rey en Jopie Fourie wat die kommunistiese oorgawe probeer stuit het. Ons dink in hierdie verband aan die twee regses, Clive Derby Lewis en Janusz Walus, wat in belang van Blanke Soewereiniteit die kommuniste, Chris Hani, uit die weg geruim het. (Verskeie sluipmoordaanvalle op Hani deur die vorige regering en die ANC was onsuksesvol. Hulle het geweet dat Hani Mandela sou opvolg a.g.v. sy groot aanhang – en dit was nie deel van die plan nie). 'n Man soos Eugene de Kock wat in opdrag van die vorige regering sekere opdragte moes uitvoer, sit agter tralies, terwyl die wat die opdragte gegee het, hulle hande in onskuld was.

Ons politieke gevangenes betaal 'n baie duur prys vir die opoffering wat hulle vir God, Volk en Vaderland gemaak het, terwyl AL die ANC/SAKP terroriste wat gruweldade gepleeg het, amnestie ontvang het. Selfs ons eie mense kritiseer ons vryheidsvegters omrede “jy nie iemand mag doodmaak nie”. Die kerke verkondig dit ook, maar wat sê die Woord?

Die hele Woord en tien geboie is aan ISRAEL gegee. Ons moet ons NAASTE liefhê en indien nodig vrymoedig berispe. Ons mag ook nie ons NAASTE vermoor nie (**Ex.21:14**). Maar die sewe nasies in **Deut.7** moet ons verslaan en geheel en al met die banvloek tref wanneer ons in die land kom wat die Here aan ons vaders met 'n eed belowe het (**v2**). Want ons is 'n apartgestelde volk wat God uitverkies het (**v6**), en die wat Hom haat moet vernietig word (**v10**).

Hierdie opdrag is nie deur die jonge Boerevolk uitgevoer nie, want hy is deur die kerk geleer dat Christene nie aanval nie, maar slegs mag verdedig. (Vandag mag hulle dít nie eers doen nie). Maar, toe hierdie paar opregtes besef hul Volk word aan die Antichris uitgelewer en daar kom 'n uitlandse koning oor hulle heers, wat nie uit die midde van hul broers aangestel is nie (**Deut.17:14**), was hulle bereid om hul lewens te waag om hierdie oorname te stuit. Die woorde, “ons sal lewe ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika” (wat hierdie Volk al die jare met groot eerbied en op aandag gesing het), het hulle ten minste by die daad gevoeg. Vandag word hulle deur die wêreld en Christendom uitgekryt as moordenaars en rassiste, terwyl hulle net

God se opdrag uitgevoer het, `n opdrag wat vandag nog steeds geldig is want: God is geen man dat Hy sou lieg nie en Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Geseënd sal hulle wees belowe God in vers 12, omdat hulle hierdie opdrag uitgevoer het.

Clive Derby-Lewis het verklaar:

“Niks, behalwe die pad na die dood toe is onomkeerbaar nie, en niks wat nie deur ons Hemelse Vader georden is nie, is onvermydelik. Ons volk sal weer vry wees”.

Lood van Schalkwyk het die volgende pleidooi gelewer:

“Volk van die Allerhoogste, dien U Skepper met vrees, want Hy is met julle vir ewig”.

(Lood is in die gevangenis oorlede weens mishandeling en versuim). **Stefaans Coetzee** het ook gesê:

“Ek stem nie vir my land nie, ek veg daarvoor”.

Ons sal nooit weet tot hoe mate ons volk werklik verraai is, maar die grootste verraad wat gepleeg is, is sekerlik die NUWE BYBELVERTALING. Dit is `n gesamentlike teks wat deur die VATIKAAN en OXFORD neergelê is. Die hele doel van die Nuwe Vertaling en die WÊRELD RAAD VAN KERKE (WRK) is om alle gelowe en volke gelyk te stel en om die Christelike geloof af te water na net `n tipe leefwyse. Die Nuwe Vertaling en die WRK is dus instrumente van die Illuminati/Geldmag/Edomiete om die instelling van die Eenwêreldregering te bespoedig. Vir hierdie magte was dit veral belangrik om die Nuwe Vertaling by die Dogter van Sion te laat posvat. Die Rockefeller Foundation het 40 miljoen Rand geskenk aan die Fakulteit Teologie vir die druk hiervan. (Waarom sou hierdie “Joodse” mag miljoene skenk vir die druk van Bybels vir die Boerevolk as hulle nie `n verskuilde agenda wou bevorder nie?).

Rachel Tingle skryf in haar boek *The Struggle In The Church In South Africa*, dat die WRK meer as 1,35 miljoen dollar aan die ANC geskenk het en 276 000 dollar aan die PAC. Die WRK se seminare, wat deur alle gelowe bygewoon word, word geopen met sataniese danse en rituele. Hoe kan Christenkerke hulle hiermee vereenselwig? (Hierdie vertaling word in al die susterkerke gebruik).

Waarlik, kyk, **BEDRIEGLIK WERK DIE LEUENPEN VAN DIE SKRYWERS Jer.8:8**. Hier is een van meer as 3500 veranderinge:

***OU VERTALING:** “Geen baster mag in die vergadering van die Here kom nie, selfs sy tiende geslag mag nie in die vergadering van die Here kom nie Deut.23:2.”*

*Die **NUWE VERTALING** lees: “Niemand wat gebore is uit ontoelaatbare geslagsgemeenskap mag lid van die gemeente word nie...”*

Volgens laasgenoemde mag `n kind wat binne volksverband, maar voor die huwelik verwek word, nie deel van God se volk word nie, maar homo's wat ontoelaatbare geslagsgemeenskap beoefen word deur die kerke aanvaar. Baster/mamzer word gebruik om iemand te beskryf wat oor die rassegroep heen verwek is en dit het niks te doen met seksuele gedrag nie. Ander interessante vergelykings is **1 Joh.5:7-8, Luk.17:9, Lev.21:17 en Pred.10:5**.

En terwyl ons op die Ou Vertaling van 1933 staatmaak vir die waarheid, is dit verbasend om te merk hoe dié selfs verskil van die oorspronklik Skrif. Maar, Satan mag nie oorwin nie en daarom sorg ons Vader dat Sy kinders wel by die waarheid uitkom – selfs die 1933 uitgawe, want wie soek, sal vind. God is nie `n leuenaar nie. Die kerk is besig met `n liberale teologie om Sy volk te mislei en op `n dwaalweg te plaas, sodat hulle nie weerstand sal bied teen die instelling van die antichristelike Wêreldregering nie.

Die predikante en pastore het die volk ook nie gewaarsku of beskerm nie, en maak hulle skuldig aan leuenagtige waarsêery (**Eseg.14:40**). Wat net weiding aan hulself verskaf en die skape vir die wilde diere voer (**Eseg.34:2**). Wat vrede verkondig, maar verklaar `n heilige oorlog **Mig.3:5**.

*“Maar julle het van die weg afgewyk, julle het baie deur jul onderrig laat struikel...en partydig handel by die regspraak. **Mal.2:7**.”*

Die twee Israelstamme, Simeon en Levi, (Levi was die priesterlike familie wat Israel moes dien), is die een soos die ander...Altyd gereed vir geweld...Hulle wapens is werktuie van geweld...Hulle het Jakob (Boerevolk) gehaat gemaak onder die inwoners van die land, die Kanaäniete en Feresiete (swart nasies), terwyl Jakob net `n klein klompie was...Vervloek is hulle toorn...In hulle vergaderings wil Ek nie kom nie...Koelbloedig het hulle mense vermoor en diere mishandel...**Gen.49:5-7 en 34:30**.

Die Leviëte (priesters, predikante en sendelinge) was teen die Groot Trek gekant en het die swart nasies gehelp en aangehits teen die Voortrekkers. Hierdie aanslag teen die Boer het nie daar geëindig nie, maar duur vandag nog steeds voort. Ons kerke was die grootste enkele instrument wat gebruik is om ons volk oor `n tydperk te breinspoel, kondisioneer en voor te berei vir die kommunistiese oorname.

Daar is nie `n ENKELE denominasie wat die Bybel in sy geheel aanvaar of verkondig nie, alhoewel geeneen dit ooit sal erken nie. Dele van die Bybel word uitgelig, hulle besluit self die betekenis daarvan en `n godsdiens word om dit gebou. Dit word dan as “God se Woord” en “die waarheid” verkondig. Die res van

die Bybel word geïgnoreer en indien daarna verwys word, dan het dit maar net een of ander irrelevante betekenis en is nie regtig meer van toepassing nie, want alles het mos verander met die koms van Christus!

DIE PROFETE EN DIE OU TESTAMENT:- Mense soek Christus net in die Nuwe Testament, maar om te verstaan wat Hy daarin sê moet ons verstaan wat Hy gesê het deur die profete, wat Hy nooit weerspreek het nie. Christus het self gesê: ...aan hierdie twee geboorte hand die hele WET en die PROFETE **Matt.22:37-40**, en verwys Hy na wat gespreek is deur die profeet Daniël (**Matt.24:15**).

In **1Pet 1:10-11** lees ons dat dit die GEES VAN CHRISTUS was wat die profete gerig het en in **Jes.29:10** dat die profete ons oë is. In **Op.1:3** staan: Salig is hy wat die woord van die PROFESIE lees, en die wat dit HOOR EN BEWAAR wat daarin geskrywe is, WANT DIE TYD IS NABY. Ook: En laat hulle die TOEKOMSTIGE DINGE en wat SAL GEBEUR, te kenne gee **Jes.44:7**, en: Vra My aangaande die TOEKOMSTIGE DINGE, vertrou My seuns (profete)...**Jes.45:11**.

Waarom sou God vir Daniël sê:

*“Hou die woorde geheim en verseël die boek TOT DIE TYD VAN DIE EINDE TOE, baie sal dit DEURSOEK en die KENNIS SAL VERMEERDER **Dan.12:4**.”*

God se volk was nie bedoel om die betekenis van hierdie profesieë vooraf te verstaan nie, maar nou in hierdie tyd raak ons angstig en wil ons by die betekenis daarvan uitkom. Maar, waarom tot nou toe geheim hou? Omdat die tyd aangebreek het vir die WARE ISRAEL om sy identiteit te besef, sodat hierdie profesieë in vervulling kan gaan. (Hulle sal weet dat Ek hulle God is en dat hulle DIE HUIS VAN ISRAEL, My volk is **Eseg.34:30**).

Sou ons sonder die profete van ouds besef het dat ons die ware Israel verteenwoordig, en dat God ons volk in aansyn geroep het hier in die land suid van die riviere van Kus? Sou ons verstaan het waarom ons hierdie strafgerig moet deurmaak en dat daar ongekende vreugde en geluk voorlê vir die wat in vrootmoediging na God terug keer? In die OU TESTAMENT staan:

*“...en al hierdie dinge AAN DIE EINDE VAN DIE DAE oor julle kom...na God terugkeer. Hy sal die verbond van jou vaders (Abraham, Isak en Jakob) NIE VERGEET NIE **Deut.30:31**.”*

En in die NUWE TESTAMENT wat daarby aansluit:

*“Het God miskien Sy volk verstoot? Nee, stellig nie! God het Sy volk wat Hy VANTEVORE geken het, nie verstoot nie **Rom.11:1-2**.”*

Sou God deur die profete gespreek het oor toekomstige gebeure indien dit nie op ons van toepassing sou wees nie? Beslis nie, want ons lees in **Rom.23:19**:

“God is geen man dat Hy sou lieg nie...Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?

*En in **Mal.3:4-6**: “...SOOS IN DIE OU DAE, en SOOS IN DIE JARE VAN DIE VOORTYD...WANT EK DIE HERE HET NIE VERANDER NIE.”*

(Alles het nie verander met die koms van Christus nie!).

DIE WET HET NIE BY DIE KRUISIGING VERVAL NIE:- Wanneer ons geleer word dat die wet by die kruisiging verval het, of daar reeds op ons harte geskrywe is, (wat sou beteken dat Satan reeds oorwin het), is dit weer eens teenstrydig met die Bybel. Die OU VERBOND sal met 'n NUWE VERBOND vervang word, maar eers in die eindtyd wanneer die oorblyfsels losgekoopt word. Eers dan sal die WETTE in hul verstand gegee word en op hul harte geskrywe word. Die wet het dus intussen nie verval nie.

*“Want dit is die Verbond wat Ek NA die dae sal sluit met die huis van Israel (nadat die verstrooides versamel is) spreek die Here. Ek sal My WETTE in hul verstand gee en op hulle harte skrywe **Heb.8:10**.”*

Paulus het in **Rom.3:19** (wat lank na die kruisiging geskryf is) gesê:

“Nou weet ons dat alles wat die WET sê, Hy dit sê vir DIE wat onder die wet is (Israel), want deur die WET is die kennis van sonde.”

Paulus sê verder in **hoofstuk 9:1-3** dat die sakramente en WETGEWING aan Israel behoort.

*“MAAK ONS DAN DIE WET TOT NIET DEUR DIE GELOOF? NEE, STELLIG NIE! INTEENDEEL ONS BEVESTIG DIE WET. **Rom.3:31**.”*

Ook in die Nuwe Testament:

*“Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een titel van die WET sou verval **Luk.16:17**. En Christus het verklaar: MOENIE DINK DAT EK GEKOM HET OM DIE WET OF DIE PROFETE TE ONTBIND NIE. EK HET NIE GEKOM OM TE ONTBIND NIE, MAAR OM TE VERVUL **Matt.5:17**.”*

(Alles het nie verander met die koms van Christus nie!).

'n NUWE VERBOND:- Die OFFERS van die Ou Testament moes gedurig herhaal word, terwyl die OFFER

VAN JESUS eenmaal plaasgevind het en heeltemal voldoende was. Jesus se offer het nie die wet vervang nie.

God belowe dat Hy die verbond wat Hy met ons voorvaders gesluit het, nie sal vergeet nie (**Deut.4:31**), dit sal egter net met 'n NUWE VERBOND vervang word.

*“Kyk, daar KOM dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n NUWE VERBOND tot stand sal bring, NIE VOLGENS die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het nie (die nuwe sal van die oue verskil)...want hulle het nie gebly by My verbond nie. Want dit is die Verbond wat ek NA DIE DAE sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here. Ek sal My wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe **Heb.8:8-10.**”*

God het geen fout gevind met die verbond nie, maar wel met die volk.

Op die berg Sion sal God met Sy volk hierdie Nuwe Verbond aangaan:

*“Oorkant die riviere van Kus vandaan sal My aanbidders, My verstrooide gemeente, My OFFERANDE bring **Sef.3:10.** ...wat jou betref, o Sion kragtens die BLOED VAN JOU VERBOND jou gevangenes loslaat **Sag.9:11.**”*

*“Dan sal hulle hul opregtheid bely en die ongeregtighede van hul vaders...Ek dink aan My verbond met Jakob, Isak en Abraham (die Ou Verbond) en aan die Land (die berg Sion- die Nuwe Verbond) sal Ek dink **Lev.26:40-42.** Ek sal 'n VERBOND VAN VREDE met hulle sluit en die wilde diere (swartes) uit hul land laat verdwyn **Eseg.34:25.** Dan sal die offer van Juda en Jerusalem vir die Here aangeneem wees, SOOS IN DIE OU DAE EN SOOS IN DIE JARE VAN DIE VOORTYD...WANT EK DIE HERE HET NIE VERANDER NIE **Mal.3:4-6.**”*

Na hierdie Verbond sal die wette in hulle verstand gegee word en op hulle harte geskrywe word. Dit sal nie nodig wees om vir hierdie opregte oorblyfsel 'n klomp wette te gee wat hulle moet gehoorsaam nie, want:

*“...hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer moet leer en sê: Ken die Here nie, want ALMAL sal My ken, klein en groot onder hulle **Heb.8:11.**”*

Totdat die opregte oorblyfsel versamel word is die wet die kennis van die sonde (**Rom.3:19**). Die Israeliete het nie gebly by die Verbond nie, maar die Nuwe Verbond wat God met Sy volk sal sluit in die eindtyd sal hulle by bly, want dit sal 'n opregte oorblyfsel wees en daarom sal die wette in hul harte geskrywe wees.

*“En al jou kinders sal deur die Here geleer wees. **Jes.54:13.**”*

Dit is duidelik dat die offerande in **Sef.3:10** en offer in **Mal.3:4** verwys na 'n Verbond of Geloofte tussen God en Israel (en dit het niks te doen met die offer wat Christus gemaak het nie). Daarom lees ons in **Heb.8:8** dat die Nuwe Verbond nie volgens die Ou Verbond sal wees nie, want hierdie keer sal dit VERBOND VAN VREDE wees.

EMOSIONELE GODSDIENS EN VALSE PROFETE:- Omdat liberalisme die sleutel is tot die NWO word Christenkerke gebruik om die Blanke mensdom te oortuig dat “almal” hul broers en naastes is, dat Christus vir “almal” gesterf het en dat dit “onchristelik” is om teen volksvreemdes te diskrimineer. Engelse kerke het nog altyd 'n liberale siening geopenbaar, terwyl die tradisionele Afrikaanse kerke eers later “naaste liefde” begin verkondig het (en tot so mate dat lidmate skoon skuldig voel oor hul wit velle).

Kerke wat emosionele godsdienste beoefen (hande klap, uitgebreide hande, spreek in tale, wonders en genesings, uitdryf van bose geeste, koortjies word oor en oor gesing ens) is almal liberaal en staan hulle deure oop vir alle kleure en geure.

*“En as julle jul HANDE UITBREI, bedek Ek My oë vir julle, ook as julle die GEBED VERMENIGVULDIG, luister Ek nie, julle hande is vol bloed **Jes.1:15.**”*

Nou raak dit interessant!

*“Baie sal in DAARDIE DAG (die eindtyd) vir My sê: Here, Here, het ons nie in U NAAM GEPROFETEER...DUIWELS UITGEDRYWE...Kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: EK HET JULLE NOOIT GEKEN NIE. GAAN WEG VAN MY, JULLE WAT DIE ONGEREJTIGHEID WERK **Matt.7:22.**”*

As die Here diegene wat profeteer, duiwels uit drywe en kragte doen, nie ken nie, by WIE kry hulle dan die mag om hierdie kragte te doen? Is Satan nie besig om hierdie kerke, met hulle emosionele godsdienste, te gebruik om mense te bedrieg en op 'n dwaalweg te plaas nie?

Ons weet dat die mag waarteen ons veg nie van vlees is nie, maar van die duivel self. Satan is nie Almagtig nie, maar beskik oor baie mag en daarom moet ons seker maak dat dit wel die Gees van God is waardeur hierdie kragte geskied, en nie deur Satan nie, wat onkundig en emosionele mense wil mislei nie. Dit is juis by hierdie byeenkomste waar die grootste misleiding plaasvind, omrede lidmate wonderwerke sien en beleef wat “IN DIE NAAM VAN JESUS” geskied en ook kwansuis boodskappe vanaf die “Heilige Gees” ontvang. Dit is UITERS BELANGRIK om daarop te let dat valse profete IN DIE NAAM VAN

CHRISTUS/JESUS/DIE HERE wonderwerke doen.

Christus waarsku self in

“Matt.24: Pas op dat niemand julle MISLEI NIE, WANT BAIE SAL ONDER MY NAAM kom (v4-5), en baie VALSE PROFETE sal opstaan, en hulle sal GROOT TEKENS EN WONDERS doen OM DIE UITVERKORENES TE MISLEI (V24).”

Wie is die uitverkorenes? Israel, die Blanke westerse volke.

Beëlsbul, die oewerste van die duiwels, het SELF duiwels uitgedryf (**Matt.12:24**). Die Fariseërs het ook deur Beëlsbul duiwels uitgedryf en daarom sal hulle (die duiwels) hul regters word (**v27**). `n Onreine gees wat `n persoon verlaat keer net met sewe ander terug (**Matt.12:43-45**). Deur bese geeste uit te dryf doen Satan homself dus geen skade aan nie. Hierdie koninkryk wat teen homself verdeel is (**v25**), is die kerk wat duiwels as regters het, waar Satan doenig is en waar verdeeldheid heers – `n koninkryk van Satan.

Die “gawe” van die Heilige Gees word deur baie kerke misbruik om lidmate te lok. Hulle spits hulle hoofsaaklik toe op dinge waaraan die mens `n groot behoefte het: Genesings, wonderwerke en bonatuurlike verskynsels. En dan hoor `n mens ook dikwels hoe die Heilige Gees dit of dat aan hulle openbaar. DIE HEILIGE GEES SAL BESLIS NIE MET SATAN SAAMWERK OM `n WÊRELDORDE, WAT TEEN DIE CHRISTENDOM GERIG IS, DAAR TE STEL NIE! Maar hierdie emosionele Pinstkerke en hul aanhangers beskou ook die “Jode” as God se uitverkore volk en die ander heidennasies as hul broers en naaste. Hulle help inderwaarheid die weg baan vir die Antichris.

Die doel van hierdie dienste is misleiding en nie genesing nie. In **Matt.24:24** lees ons dat valse Christusse en profete groot tekens en wonders sal doen om die uitverkorenes te MISLEI en in **Op.20:3** dat dit SATAN is wat die nasies (die 12 stamme) MISLEI. Christus sê verder in:

“Matt.24:4: Pas op dat niemand julle MISLEI nie.”

Omdat tekens en wonders juis in liberale kerke plaasvind, word die uitverkorenes mislei om te glo dat alle rasse gelyk is voor God (die sleutel wat Satan nodig het). En a.g.v. al hierdie tekens en wonders sien ons `n herlewing (“revival”) in die Pinksterkerke. (Die suurdeeg van die Fariseërs in **Matt.16:6** verwys na hul leer wat groei en vermeerder). Hulle het nietigheid gesien en leuenagtige waarsêery...terwyl die Here hulle nie gestuur het nie...wat hulle eie tong gebruik en sê: Die Here spreek...die profete wat My volk mislei...hulle het van die weg afgewyk...

Om die Blanke mensdom nog verder te oortuig gebruik Satan dan ook volksvreemdes as mediums om genesings en ander wonderwerke te doen. Onkundige Blankes sal, na sulke ervarings, alle volksvreemdes beskou as hul broers en naaste, want die “Heilige Gees” doen dan wonders deur hulle! Daarom is dit belangrik om te kan onderskei tussen God se werke en Satan se misleiding.

`n Goeie voorbeeld hiervan is Joshua, die “Black Prophet” van die “Church For All Nations” in Nigerië. Hy is deur die grootste Satanis in Afrika, nl. Olambo opgelei en verklaar self dat hy net akkedisse en iguanas eet. Bokant die deur van sy huis staan die woorde “There is no Deity, Allah is God” en bokant die kruis in sy kerk is die Illuminati-teken, die demoniese oog. Hy is ook `n multimiljoenêr en doen wonderwerke in die Naam van Jesus Christus!

Hoe kan valse profete dan uitgeken word, aangesien hulle in die Here se Naam hul werke doen? Christus waarsku weer in **Matt.7:**

“Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom (v15). Aan hulle vrugte sal julle hulle ken (v16). Nie elkeen wat vir My sê Here, Here! Sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie (V21).”

Eerstens moet ons vasstel WIE die vrugte van die Gees (**Gal.5:22**) KAN dra en aan WIE die Heilige Gees gegee is. Bome in die Bybel verwys na volke.

“`n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie! So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar `n slegte boom dra slegte vrugte...en `n slegte boom (volk) kan GEEN goeie vrugte dra nie...So sal julle hulle dan aan hulle vrugte ken Matt.7:16-20.”

(Wingerde en vyebome verwys in die Woord na Israel).

Ons het reeds in **Hand.2:36-39** gesien dat die HUIS VAN ISRAEL die Heilige Gees sal ontvang indien hulle hul bekeer, want aan HULLE behoort die beloftes, en die beloftes sê Paulus in **Rom.9:1-3** behoort tot Israel. Volgens **Hand.5:31-39** is Christus gestuur om aan ISRAEL bekering en vergifnis te skenk, en ook die Heilige Gees, aan die wat GEHOORSAAM is. Verder lees ons dat almal wat die valse leraars gevolg het is uitmekaar gejaag...tot niet geword...afvallig gemaak...verstrooi. Hieruit leer ons ook dat valse profete nie tot die heidennasies beperk is nie, (Israel...die wat GEHOORSAAM is). Judas, na wie daar o.a. verwys word, was `n Israeliet. Christus het Sy dissipels verseker dat hulle krag sou ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom (**Hand.1:8**). Dit is dieselfde dissipels wie Hy bevel het om nie na die heidene te gaan nie, maar na die verlore skape van Israel.

Waarom sou die Heilige Gees gegee word aan nasies teen wie God juis die huis van Israel waarsku, diegene wie tot in ewigheid nie in Sy vergadering mag kom nie, van wie Israel hulle moet afsonder, wie vertoorn is tot in ewigheid en oor wie Sy Naam nie uitgeroep is nie? Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! WANT DIE SATAN SELF VERANDER HOM IN 'n ENGEL VAN DIE LIG. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook VOORDOEN as dienaars van geregtigheid nie. **2 Kor.11:13.**

*“MOENIE WAT HEILIG IS, AAN DIE HONDE GEE NIE; EN GOOI JULLE PêRELS NIE VOOR DIE VARKE NIE, SODAT HULLE DIT NIE MISKIEN MET HULLE POTE VERTRAP EN OMDRAAI EN JULLE VERSKEUR NIE **Matt.7:6.**”*

Satan verander hom in 'n engel van die lig en kan beslis die gawes van die Heilige Gees namaak, insluitend die spreek in tale.

Valse profete kan ook aan die volgende uitgeken word:

1. Hulle spits hulle toe op gebedsgenesing en bonatuurlike verskynsels
2. Hulle is emosioneel, (op die verhoë loop hulle gewoonlik heen en weer met die Bybel in die lug terwyl hulle preek. Hulle huil en skreeu wat die skares in 'n emosionele toestand plaas).
3. Hulle is liberaal en verkondig gelykheid tussen rasse.
4. Hulle is finansieel welgesteld, (die “Here” sorg vir hulle, terwyl die kollektebordjie omgestuur word)...”*sy priesters gee onderrig vir LOON, en sy profete is waarsêers vir GELD Miga 3:11.*”

Mense wat van nature emosioneel is, of hulle midde in 'n krisis bevind, (siekte, dood, egskeiding, ekonomiese druk ens), is vatbaar en kan hulle vergryp aan hierdie tipe leer.

Maar waar is dié wie Jesus belowe het, na Hom groot wonders in Sy Naam sou doen? Hierdie gawes sou nie tot die apostels beperk wees nie. God is Almagtig en tot alles in staat en weerspreek Homself nooit nie. Sy Woord is waarheid en elke profesie sal op sy gegewe tyd in vervulling gaan. Omdat ons in die eindtyd lewe moet ons kyk watter profesieë op ons tyd betrekking het en watter nou in vervulling gaan. Wat die huidige betref, het Israel reeds die tyd van strafgerig betree. Gedurende hierdie tyd sal God Hom nie deur wonders en tekens aan Sy volk openbaar nie. Intendeel, God het Sy rug op Sy volk gedraai en wag dat hulle in verootmoediging na Hom moet terugkeer. Want in hierdie tyd het God ons Trooster, die Heilige Gees, vir 'n ruk weggeneem en hierdeur sal diegene wat nie by die volk hoort nie, afgeskei word.

*“Baie sal gereinig en gesuiwer en gelouter word...en geeneen van die goddelose mense sal verstaan nie. En van die tyd af dat die VOORTDURENDE OFFER afgeskaf word en die ontsettende gruwel opgerig word (NWO) sal daar duisend-tweehondert-en-negentig dae verloop **Dan.12:10-11.** Vir 'n oomblik HET EK JOU VERLAAT, maar met groot ontferming sal Ek jou VERGADER...In 'n uitstorting van toorn (straf) HET EK VIR 'n OOMBLIK MY AANGESIG VIR JOU VERBERG...Jy, ellendige, deur storm gejaagde, ONGETROOSDE **Jes.54:7-11.** Dan GAAN EK HEEN, EN KEER NA MY WOONPLEK TERUG totdat hulle skuld beken en My aangesig soek. In hulle nood sal hulle My soek **Hos.5:15.**”*

Terwyl ons nie nou van GOD enige wonders of tekens kan verwag nie, verhoor Hy nogtans ons gebede, en het Hy begrip vir die magtelose situasie waarin die volk hom bevind want Hy sê:

*“Kom My volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir 'n klein oomblik, totdat die grimmigheid verby gaan **Jes.26:20.**”*

(Dit is ook bedoel om in hierdie tyd Israel van valse prediking te beskerm, m.a.w. volksgenote moet die kerke verlaat). Ook lees ons in **Matt.6:**

*“En wanneer jy bid, moet jy nie wees soos die geveinsdes nie; want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die strate te staan en bid (v5). Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid (v6). Maar so moet julle bid...laat U koninkryk kom (dit het nog nie gekom nie), en in **7:8-9:** Want elkeen wat bid ontvang, en hy wat soek vind, en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. “*

Hier word nie na bonatuurlike verskynsels verwys nie. Wanneer gaan God dan Sy Gees uitstort sodat die jonges profeteer en die ou mense drome droom? Na die strafgerig, wanneer die verstrooides van Israel versamel word en in hul land aankom ...dan het die koninkryk van God by julle gekom d.w.s. die duisendjarige vrederyk. Hierdie tyd lê voor die deur, maar ons het dit nog nie betree nie.

Nadat die dissipels met die Heilige Gees vervul is, vertel Petrus wat die profeet Joël voorspel het:

*“In die LAASTE DAE sal Ek My Gees uitstort...en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom...en hulle sal profeteer...En Ek sal wonders bo in die HEMEL en tekens onder op die aarde doen, BLOED en VUUR en ROOKDAMP. Die son sal verander in DUISTERNIS en die MAAN IN BLOED voordat die groot dag van die Here kom **Hand.2:16-21.**”*

Hierdie gebeure het nog nie plaasgevind nie, dus het God nog nie Sy Gees uitgestort nie!

Joël 2, (waarna Petrus verwys het), beskryf die geweldige aanslag (strafgerig) en aanval op die Dogter van Sion (**v1-9**), die volk keer terug na God (**v12-16**), die ander nasies vra selfs: waar is julle God? (**v17**), die Here verskoon die Dogter van Sion en genees haar land (**v18-27**). En DAARNA sal Ek My Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, en julle jongelinge gesigte sien (**v28**). Maar as Ek deur die GEES VAN GOD duiwels uitdryf, DAN HET DIE KONINKRYK VAN GOD BY JULLE GEKOM. **Matt.12:28**.

Die strafgerig het reeds begin, die Heilige Gees is reeds weggeneem volgens die tydsberekening van **Dan.12:11**, en die groot dag van die Here (Sy koninkryk) het nog nie aangebreek nie, dus is Sy Gees nog nie uitgestort nie.

DIE ROOMS-KATOLIEKE KERK:- Die Katolieke kerk het sy ontstaan by die ou Babiloniese Baäldiens van Rome. Baälpriesters het babas besprinkel wat hulle die reg gegee het om hierdie babas op te eis om aan Molog (Nimrod) te offer. Die bieg is ingestel om mense daardeur te kan afpers.

Semiramis, `n heks, het haarself tot godin verklaar en daar is ook babas aan haar geoffer. Na Nimrod se dood het Semiramis (wat beweer het dat sy `n maagd was) swanger geraak. Die kind, Tammuz, het sy verkondig, is Nimrod se reïnkarnasie.

Beelde van Semiramis en Tammuz het gedien as die verlosser van die mens. Nimrod se geboortedag was 25 Desember en Semiramis het hierdie dag ingestel as die fees van die kerke. Dit is waar die kersboom sy ontstaan gehad het.

“Want `n boom uit die bos kap hulle om. Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat die nie waggel nie Jer.10:3-4.”

Die Roomse winterfees is ook op hierdie dag gehou waartydens geskenke uitgeruil is.

Vir die Roomse godsdiens was dit nie moeilik om net so oor te stap na die Rooms-Katolieke kerk waar al die ou bekende afgode, nou bekend as heiliges, aanbid kon word nie. Selfs die beeld van Semiramis en Tammuz op haar arm, is net so deur die Katolieke kerk oorgeneem en herdoop tot Maria en Jesus.

Die Christenkerke het baie van die Baälgebruike behou deur Kersfees op 25 Desember te vier, asook die kersboom en besprinkeling. Selfs die kerkoring simboliseer `n man se geslagsdele, die teken van vrugbaarheid, en die ronde horlosie op die kerkoring was oorspronklik die son wat aanbid is. Die Roomse godin van vrugbaarheid was Venus, (van waar die term “venereal disease”). Die standbeeld van Venus met `n vis getuig hiervan. Die Katolieke kerke erken ook met trots dat hulle die Sabbat vanaf Saterdag na Sondag (die dag waarop die son aanbid is) verskuif het.

Deur Kersfees te vier bring ons eerbied aan Nimrod (die pikswart seun van Kus), en op kommersiële vlak ondersteun ons die “Jood” wat elke situasie gebruik om geld te maak!

HOOFSTUK 13

DIE ‘JODE’ EN KOMMUNISTE SE AANSLAG OP DIE BLANKE VOLKE

ENGELAND EN AMERIKA IS PIONNE VAN DIE “JOODSE” GELDMAG:- Efraim en Manasse is met die verstrooiing vanaf Europa onderskeidelik na Engeland en Noord-Amerika. Minder as 3% van Amerika se bevolking bestaan uit “Jode” terwyl hulle meer as 50% van hul parlement uitmaak. Die Engelse word ook regeer deur die “Jode”. In Engeland is Tony Blair soos Clinton (en nou Bush), in die VSA, “a brilliant and true friend of the Jewish people”. Dit illustreer weer eens hoe hierdie Edomiete, deur groot moondhede te infiltrer, mag bekom om sodoende nie net hul ideologie op die betrokke land af te druk nie, maar daardeur die VN te ondersteun. Andersins, waar “Jode” nie strategiese poste beklee nie, sal Vrymesselaars as kandidate geïdentifiseer word.

Verwoerd moes bv. uit die weg geruim word om plek te maak vir Vrymesselaars, wie ons aan die geldmag kon uitlewer. Benjamin se gebied moes ook aan die kommuniste uitgelewer word en hoe waar was **Ian Smith** se woorde nie?: “*Ons is nie deur ons vyande verslaan nie, maar deur ons vriende verraai*”. (Die Vrymesselaar, John Vorster, het sy deel gedoen om Rhodesië en S.A. aan die kommuniste uit te lewer).

Terwyl Engeland sy eie motief vir die Tweede Vryheidsoorlog gehad het, het die “Jode” (Edomiete/geldmag) die vyandskap tussen Brittanje en die Boere ook doelbewus aangewakker. Wie besit vandag ons land se rykdomme? Verder het die Britse Intelligensiediens en die CIA van Amerika nou saamgewerk om `n veelrassige “demokratiese” bestel hier te vestig. “**MANASSE VIR EFRAIM, EN EFRAIM VIR MANASSE, EN HULLE IS SAAM TEEN JUDA Jes.9:20.**”

WIE IS EFRAIM/ENGELAND? :-

“Die blom (roos-embleem) wat verwelk Jes.28:1. Efraim het die Here bitterlik geterg Hos.12:15. Efraim is gekoppel aan die afgode, laat hom staan Hos.4:17. Vals is hulle hart Hos.10:2. Hulle gaan na Egipte,

roep na Assur (met die heidene saam) Hos.7:11.”

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is 30 000 plaaswonings afgebrand en alle vee afgemaai voordat vrouens en kinders na konsentrasiekampe weggevoer is. Hierdie mense is sonder enige bedekking teen die koue en reën aangejaag soos beeste, of op oop waens of treintrokke gelaai, soms dae lank sonder enige sanitêre geriewe of voedsel. Wat nie algemeen bekend is nie, is dat 100 000 swartes deur die Engelse bewapen en opdrag gegee is om Boeregesinne op plase aan te val en val hul grond te verdryf. Hierdie swartes het nie op hulle laat wag nie en het geroof, gemoor, geplunder en verkrag sover hul gegaan het.

In die kampe waar mense omgekome het van honger, koue en vergiftiging, is moeders dikwels nie toegelaat om hul sterwende kinders vas te hou nie, maar is hulle in “tent hospitale” gelos om alleen te sterf. Dikwels het hulle ook nie geweet in watter grafte hul kinders lê nie. Daar was gevalle waar kinderlyke vir die varke gegooi is om van ontslae te raak. Aan die einde van die oorlog het nie `n enkele kind onder drie jaar die kampe verlaat nie.

Hier volg `n paar aanhalings uit briewe uit die boek, **Hou Vas Jong Suid-Afrika**, deur **Harper Martins**:

- Die sterfgevallen in die kampe was so baie dat die grafgrawers nie kon voorbly nie
- Die volgende oggend het die lyke daar in die reën gelê met die nat hare oor die gesigte van die dooies met die oë oop en styf in die koue en dood
- In die kampe het ek gesien dat huisgesinne gesterwe het van die honger
- Daar was vitterjoel in hul suiker en ook gif in ander eetware
- Baie maal het ek die geklaag van kinders gehoor: “Mammie ek gaan dood van die honger”
- `n Vrou roep uit: “ek sterf van die honger”, en sy val dood neer met haar voorhoof op `n doringdraad
- êrens klaag een: “ag, dis my laaste kind”
- God, as ons volwassenes te veel gesondig het, laat hierdie gekerm van die kinders voor U opgaan as `n gebed
- Waarlik, sulke vrouens moet noodwendig die moeders van `n groot volk word.

Richard Crompton het geskryf: *“In the Boer War the British army practiced Ethnic Cleansing, giving rise to the phrase ‘Concentration Camp’”.*

Ramsay Mac Donald, (Britse eerste Minister 1929-1934), het in sy boek, **What I saw In South Africa**, geskryf:

“Dit was die vrou wat die oorlog so lank laat voortduur het. Dit was in haar hart dat die Vaderlandsliefde opgevlam het tot `n allesverterende warmte. Dit is sy wat terugkeer en niks vergeef en niks vergeet nie. Sy was altyd daardie vurig-sprekende wees of daardie stil engel wie se droewige kyk verskrikliker is as die bitterste woorde. Dit is sy wat haar oorlogshelde het, en haar dooies het om oor te rou. Dit is sy wat die diepste voel dat al haar lyding, haar eentonige wagte en haar gebede tevergeefs was. Die kampe het haar vir altyd van ons (die Engelse) vervreem. Die Boerkind sal opgroei aan die knie waar hy geleer sal word om ons te verag.”

“Ek het oor honderde myle spoorweg gestoom wat deur blokhuisse, loopgraaf en doringdraadversperrings beskerm word, ek het die pad bestrooi gesien met die bene van perde en beeste, en die stank van verrotte vleis op die veld gevoel. Ek het deur verlate stiltes en verbrande weidings gery waar skape eertyds geblêr en beeste gebulk het. Ek het na die swart mure van gebrande huise gekyk. Bowenal het ek by eensame grafte gestaan waar alleen skaapherder of beeswagter ooit sal rondloop, en die menigte kruisies buite die kampe gesien waar die klein kindertjies slaap.”

“Ek noem die geklaag van moeders wat ween

Die gekerm van kinders wat sterf

Ek sien hul gedruk in `n moordenaarskamp

Verjaag van hul woning en erf

Ek doop my pen in die rooi robyn

In die rooi van ons Boerebloed

Ek grif op die voorhoof van elke kind

Onthou wat jou nasie moes boet”

Die aanslag teen die Boerevolk het nie daar geëindig nie, maar is voorgesit in die vorm van propaganda, ondersteuning aan die ANC en booiokotte, soos **Alfred Milner** se woorde getuig:

“The country is quiet, only it is a complete wreck. The farmhouses are all gone...The South African struggle continues, it is no longer war with bullets, but it is war still...The Afrikanerdom must be

exterminated.”

(Dit is geen wonder dat God ons verbied om vir Efraim te bid (**Jer.7:16**), al is hulle deel van die huis van Israel). Efraim het nie alleenlik gruweldade teen die Boere en Duitsers gepleeg nie. In die eeue lange onderdrukking van Skotland deur Engeland is wonings afgebrand, vrouens verkrag en het menseslagting op `n groot skaal plaasgevind. Die eerste parlamentsopening in 300 jaar het onlangs eers weer plaasgevind (om die Skotte te sus), maar hulle bly steeds onderdanig aan Engeland. (Die rolprent “*Brave Heart*”, wat `n herlewing in Skotse nasionalisme tot gevolg gehad, het daartoe gelei dat die Skotte op `n referendum, [oor `n eie parlement], aangedring het.)

Ierland is ook eeue-lank deur Engeland onderdruk. (Die Skotte en Iere neem hewig aanstoot indien daar na hulle verwys word as Engelse). `n Hoofsaaklik aartappel produserende land, moes hulle `n kwota aan Engeland voorsien. Gedurende die 1840's het `n hongersnood die Britse Eilande geteister wat etlike jare sou duur. Ierland kon die vereiste kwota nie voorsien nie en moes die bietjie wat daar was, hou om te oorleef. Vir vier agtereenvolgende jare is die oeste deur gewapende Britse soldate van die plase af weggeneem na wagtende skepe en `n verhongerde Ierse volk is agtergelaat. Twee miljoen het van die honger omgekóm. (Dit het daartoe gelei dat groot getalle Iere geïmmigreer het na Wallis, Skotland, Engeland, Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika). Ons moet ook nie vergeet dat baie Iere en Skotte aan Boere kant geveg het gedurende die Tweede Vryheidsoorlog.

Om terug te kom na die “Jode”. `n Paar aanhalings uit `n onderhoud wat `n Suid-Afrikaner met die haakneus, **Cohen**, van die VSA se “**Council of Foreign Relations**” gevoer het. Hierdie is `n goeie opsomming van wat werklik in ons land gebeur het. (Roepstem April 2001):

“You have no idea what is happening around the world and in you country, South Africa...we are destroying your will to fight...Psychologically, through our continual bombardment of misinformation, we destroy you...you can no longer decide what is right and wrong...we will control the world through the UN...you accept things at your own expense...by the time we are finished with you, you will be begging us to implement the New World Order...you have not even realized that we control your government (de Klerk regering)...It is no longer a national government looking after your interests, it is an international government looking after ours. We bought Pik Botha, Piet Koornhof and FW de Klerk and their like years ago. Communists are our servants...it was our kind that gave life to communism...financed it...controlled and directed it in such a way that we can even give it a facelift and a new name like democracy...The world is our country...You have not even realized the role the parties like the DP play...they have done good work in fermenting the idea of creeping socialism...a confidence game to get you to surrender your country...We have crept into your minds with our liberal cancer, affecting every sector of your society...you will not even spend a cent of lift an arm to save yourselves...liberals are useful idiots...Then one day we will create some emergency to deceive you into believing that it will be in the interest of everyone's safety if all firearms are handed in...but you will never get them back...you will be helpless and at our mercy...We will twist the laws to suit ourselves...You have brilliant, brave leaders but you do not follow them because we hold them up to contempt and ridicule them through our media...If you stood together we could do nothing. This is why we divide you into hostile groups...Divide and rule...one man one vote...Joe Slovo is telling you what to do and he is not even one of your countrymen, but Jew and a colonel in the KGB...you are so pathetic you make me sick...We do not want reform, we want your country. We swamp the country with “political refugees” and release the so-called “political prisoners”...driving the masses to want and terror...the victims believe they had been the prey of criminals...we appear as the saviors of the oppressed...we raise the expectations of the mob so they can be used to wipe out all who dare to stand in our way...Through most of your churches you are supporting the SA Council of Churches, which is controlled by the World Revolutionary Movement, which is controlled by us...We have infiltrated your churches to make your faith seem like a fairy story, to turn you away from your God...You have not even realized that He can only work through a pure bloodline...like sheep you throw away your Bible and open up your schools...do not even know that you originally came from the Biblical lands. Because you do not know we have tricked you out of your heritage. Just because there was no declaration of war it does not mean that you are not at war...Your State President (de Klerk) thinks he has joined us but when we have finished using him, we will dispose of him like a used contraceptive just like we did with PW Botha...”

Amerika en Engeland se aandag is nie alleen op S.A. gevestig nie. NAVO (in Engels NATO – die militêre vleuel van die VN), word gebruik deur die geldmag om hul beplande Wêreldregering in plek te kry. Die VN hits konflik aan tussen verskillende etniese groepe in `n teikenstaat en verskaf selfs wapens aan die swakker groep om `n oorlog aan die gang te kry. Wanneer dié goed op dreef is, beeld hulle aanhoudend tonele uit van vlugtelinge wat in haglike omstandighede verkeer. Die hele wêreld se aandag is nou op die

betrokke land gevestig en tree NAVO nou in as die groot “vredemakers” en neem beheer van die land oor. WAT SIT AGTER DIE AANVALLE OP IRAK, KOSOVO EN AFGANISTAN?:- Die wêreld se derde grootste bron van natuurlike olie en gas lê in die Kaspiese See-streek in Sentraal Asië. Die Amerikaanse regering en sy vennote in NAVO asook die geldmag agter verskeie olie maatskappye is betrokke by die ontginning van hierdie olie. Weens die binnelandse ligging moet die olie d.m.v. pyplyne oor landsgrense heen vervoer word om marke te bereik. `n Trans-balkan pyplyn deur Joegoe-Slawië vanaf die Kaspiese See sal die Europese markte bedien. Hierdie pyplyn sal `n alternatiewe bied op huidige roetes wat onvermydelik deur Rusland moet loop.

Slobodan Milosevic het die geldmag nie vertrou en het geweier dat `n pyplyn deur Kosovo gebou word. NAVO moes dus van die Milosevic-regering ontslae raak en het die verskoning gebruik dat hy “misdade teen die mensdom” gepleeg het weens sy optrede teen onwettige immigrante (die Moslem Albaniërs) in Kosovo. (Die betrokke pyplyn is intussen deur Kosovo gebou!).

`n Addisionele pyplyn wat die Ooste sal bedien moet deur Afganistan loop, maar die Taliban-regime (destyds vryheidsvegters wat die VSA bygestaan, en in bewind geplaas het met die Russiese inval van Afganistan), het geweier dat die pyplyn deur hulle land gebou word, en moes dié ook uitgewerk word.

En wat Irak betref is Saddam Hoesein se “menseregteskendings” teen Koeweit gebruik as rookskerm om sy land aan te val tydens die Golf Oorlog. Met die huidige oorlog wat Amerika teen Irak voer is “weapons of mass destruction” as verskoning gebruik terwyl geen bewyse hiervan gevind kan word nie. Amerika se eintlike doelwit hier is die verkryging van totale beheer oor olievelde van die Persiese Golf. Noudat Amerika beheer het oor Irak, is hulle besig met die volgende olie-staat Iran, en gebruik ook die ontwikkeling van kernwapens as verskoning. Maar, Noord-Korea, wat openlik erken dat hy reeds oor baie gevorderde kernwapens beskik, word nie aangeval nie, omrede hierdie streek oor geen oliereserwes beskik nie. Dieselfde geld vir Zimbabwe, met Mugabe se menseregte skendings.

Die internasionale gemeenskap moet ook verby die media histerie oor Osama bin Laden kyk, want die VSA se nuwe “oorlog teen terrorisme” het niks te maak met `n stryd teen terrorisme nie. Weer eens is dit `n rookskerm wat geskep is deur die geldmagte om `n rede te kry om oorlog te maak om hul skatkamers te vergroot. Wat die aanval op die Wêreld Handelsentrum (World Trade Centre) en Pentagon betref, is daar genoeg bewyse wat daarop dui dat die VSA bewus was van `n beplande aanval (en dat Washington dan daarna sou reageer met `n oorlog). (Ook interessant is die feit dat daar geen hoë-rang offisiere in die Pentagon was tydens die aanval nie). Die Britse vloot, weermag en lugmag is ook `n week voor die aanval reeds in die Golf ontplooi en kort daarna was hulle so naby aan Afganistan geleë dat hulle die Amerikaners kon bystaan in hulle aanvalle op “terroriste teikens” in Afganistan. Waarom moes die hele land, waarvan bin Laden nie eers `n burger is nie, lei vir een man se beweerde sondes? Want, die Taliban moes vervang word met `n regering wat die beplande aanleg van `n oliepyplyn sou toelaat.

Die VSA se openbare mening moes geswaai word ten gunste van `n oorlog teen Afganistan. Die Illuminati (in wie se diens Islam ook is), het dit met groot sukses gedoen of 11 September 2001. Tydens die destydse Russiese inval van Afganistan is bin Laden en sy Moslemvegters (die Taliban, toe “vryheidsvegters” genoem), deur die VSA bygestaan met fondse en wapens om teen die Russe te veg. Maar, met die onlangse inval van die VSA, word die einste Taliban nou “rebelle” genoem. Tydens die Iran-Irak oorlog, is bin Laden in die geheim deur die VSA gefinansier, en vir sy betrokkenheid by die oorlog in Kosovo is hy onder andere met `n Bosniese paspoort beloon. Die provinsie is van die Serwiërs ontnem en aan sy “Balkan Brigade” gegee. `n Verdere konneksie is die Carlyle-groep wat bestuur word deur voormalige Republikeinse politici (o.a George Bush sr.), wie se belegging hoofsaaklik in die verdediging – en lugvaartsektor is, wat beteken dat hulle geld verdien uit oorloë. Die bin Laden familie is een van die groot beleggers.

Ons moet versigtig wees vir die sogenaamde. “Christen teen Moslem-oorlog”- frases wat nou dikwels gehoor word. Die VSA en die Weste is nie Christenlande nie, alhoewel hul dorpe en stede vol kerke staan. Die Weste, Islam, Kommuniste en swart Afrika staan onwetend in diens van die Illuminati, en maak dié gebruik van nasionalisme, patriotisme en godsdienste om konflik te veroorsaak om hul eie agendas te bevorder. Dit verduidelik waarom die VSA en Britse soldate in hierdie “oorlog teen terrorisme” nou te staan kom teen Moslemvegters, wat bewapen en opgelei is deur die CIA!

DIE AANSLAG OP DUITSLAND:- Vanaf die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) tot op hede het hierdie bondgenote (Engeland en Amerika – wat beheer word deur die “Jode”), nie gerus nie. In die naam van “menseregte” en “vrede” is 800 000 Duitsers dood teen die einde van die Eerste WO a.g.v. `n hongerblokade wat Brittanje teen hulle ingestel het. Teen die einde van die Tweede WO het Brittanje Dresden (`n oorlogvrye sone) aangeval met fosforbomme en binne 36 uur 350 000 burgerlikes lewendig verkool. Gedurende dieselfde tydperk is agt vlugtelingskepe met `n totaal van 28 000 vrouens, kinders en oumense aan boord, gesink deur Britse vuurpylwerpers. Honderde Duitse offisiere is lewend in Pole

begrawe, terwyl vyf miljoen Duitsers (vrouens ingesluit) in Amerikaanse kampe omgekom het.

Teen die einde van die oorlog het **Churchill** gesê:

“Ons het dit reggekry om 6 miljoen Duitsers dood te maak, miskien slaag ons nog daarin om `n verdere 1 miljoen dood te maak voor die oorlog eindig”. (Onward Christian Soldiers!).

Ook *Hore-Belisha*, die “Joodse” Britse minister, het geskryf:

“...and when the smoke of battle clears there may be presented a tableau showing the Swastikead Christ, being lowered, none too gently into a hole in the ground”.

Negers en Mongole is ook aangesê om vrouens, meisies en nonne te verkrag om die volk sodoende te verbaster. Honderde slagoffers het daarna selfmoord gepleeg. Die Duitsers, soos die Boere, moes heeltemal uitgewis word, of vrywillig deel word van die Wêreld reënboognasie om nie verder `n struikelblok te wees nie.

DIE “HOLOCAUST”:- Wat die Tweede WO oorlog betref, het Rusland en Duitsland Pole tegelykertyd aangeval. Dit is dus vreemd dat Pole aan die einde van die oorlog onder kommunistiese beheer gekom het, terwyl dit juis die bevryding van die Pole was wat daartoe aanleiding gegee het dat Brittanje oorlog teen Duitsland verklaar het. Pole was aan die einde van die oorlog onder kommunistiese beheer, maar die Geallieerdes het die oorlog gewen! Maak dit sin?

Europa en ander Blanke lande word daagliks oorstrom deur propaganda oor die “holocaust” waarby 6 miljoen “Jode” (Edomiete) blykbaar vermoor is. Hierdie syfer asook hulle weergawe van die Tweede WO word ernstig bevraagteken deur historici. Dit, asook die konsentrasiekampe, word gebruik om die Nuwe Wêreldorde in elke Blanke land in te faseer. Vanaf die Tweede WO is Duitsland verplig om meer as 400 miljard rand boeteskuuld aan die Edomiete te betaal, en die proses gaan steeds voort.

Die “holocaust” word kunsmatig aan die gang gehou omdat dit `n bodemlose goudmyn is wat die staat Israel, en verskeie “Joodse” organisasies befonds. Maar, Winston Churchill het in sy boek, *The Second World War*, wat ses volumes beslaan, nie `n ENKELE woord oor die “holocaust” geskryf nie. Was dit uit onkunde of omdat hy bewus daarvan was dat dit nooit gebeur het nie? Selfs in *The Barnes Review*, deur Vivian Bird, is nuwe inligting aan die lig gebring deur verskeie historici (waarvan geeneen twyfel dat daar wel `n holocaust plaasgevind het nie) dat:

a) daar nie net Jode in die kampe was nie,

b) dat die gaskamers `n fabel is en

c) dat die getal wat gesterf het, (in Auschwitz), slegs 73 137 was, waarvan net 38 031 Jode was.

Auschwitz was die grootste konsentrasiekamp waar na bewering alleen 4 miljoen “Jode” omgekom het. Hierdie syfer is in 1945 in *The New York Times* gepuliseer en hierdie “feit” is vir sestig jaar in talle publikasies oorvertel. Nou na vyftig jaar het sowel die *New York Times* as *The Washington Post* self berig dat die Poolse owerheid, in wie se land Auschwitz geleë was, erken het dat daar op die uiterste 1,5 miljoen mense daar dood is wat nie net Jode insluit nie. Die gedenkteken in die Auschwitzmuseum met verwysing na die syfer van 4 miljoen slagoffers is onlangs verwyder.

Die meeste sterfgevälle in die kampe was as gevolg van tifus, `n hoogs aansteeklike siekte wat deur luise versprei word. Die gas, Zykon B, is gebruik om woonkwartiere te berook. Die “gaskamers” was in werklikheid disinfeksiekamers en die enigste slagoffers was dus net luise.

Dr. Bruno Tesch was mede-eienaar van `n maatskappy wat Zykon B gas aan Duitse kampe verskaf het. Hy is van oorlogsmisdade aangekla waartydens daar valse bewyse en getuienis teen hom gelewer is. Hy is ter dood veroordeel en opgehang.

Fred Leuchter, `n Amerikaanse ingenieur en kenner oor maniere waarop die doodstraf voltrek kan word, het navorsing gedoen op geboustrukture wat uitgewys is as die waar die Jode vergas sou gewees het. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat vergassing nie daar kon plaasgevind het nie.

Volgens propaganda het amper al die “Jode” in die “holocaust” omgekom, maar nou skielik na 60 jaar is daar miljoene “holocaust survivors” wat kan getuig van gruweldade en noue ontkomings. En indien 6 miljoen van hulle dood is, wat het van al die miljoene weeskinders geword?

John C. Ball, `n professionele lugfoto-ontleder, geoloog en skrywer van *Air Photo Evidence*, het duisende lugfotos van Duitse konsentrasiekampe bestudeer en ontleed. Hy skryf dat hy geen bewyse kon vind van die beweerde holocaust, maar kan egter wys hoe die CIA in 1977 met die negatiewe gepeuter het om `n holocaust te fabriseer.

Adolf Hitler het tereg gesê:

“Op die orrel van die Westminster Abbey is die kommunistiese volkslied, Die Internasionale, na die diens gespeel.

Dit het niks minder as die val van die Christendom bedoel nie”. Ook het hy in die Engelse weergawe van

Mein Kampf geskryf:

“Should the Jew, with the aid of his Marxist creed, triumph over the people of this world, his Crown will be the funeral wreath of mankind, and this planet will once again follow its orbit through the ether, without any human life on it’s surface, as it did millions of years ago. And so I believe today that my conduct is in accordance with the will of the Almighty Creator. In standing guard against the Jew I am defending the handiwork of the Lord”.

Sedert die oorlog bou Duitse weerstand op teen vergeldingsmaatreëls wat deur Geallieerdes afgedwing is en wat nog steeds van toepassing is. Die Reich het nie aan die einde van die oorlog verdwyn nie, dit was slegs hul weermag wat oorgegee het. En omdat geen vredesverdrag ooit deur Duitsland onderteken is nie, het hulle geen outonomie nie en verkeer hulle steeds onder voortdurende druk van die voormalige vyand. En alhoewel hul weermag onvoorwaardelik oorgegee het, is die soldate, die krygsgevangenes, eers jare later huis toe gestuur. Die gevolg was dat huisgesinne verbrokkel het deurdat kinders vaderloos moes grootword. In `n stad soos Berlyn, wat deur die Russe beset is, is vrouens herhaaldelik verkrag. Duitser leiers is by Nürnberg “verhoor” deur twee Litause “Jode” en tereggestel.

Duitsers wat dit waag om te sê hulle glo nie die propaganda oor die “holocaust” nie, selfs in privaat gesprekke, word vervolgt. Die voormalige leier van die regse NPD party, Günter Deckert, sit in die gevangenis omrede hy die sogenaamde. sesmiljoen-saga bevraagteken en `n vergadering vir die Britse Historikus, Dawid Irving, gereël het. (Irwing gaan nou vir drie jaar tronk toe oor hy die “holocaust” ontken het tydens `n toespraak in Oostenryk).

Hitler se ryk word uitgekryt as “*the most evil empire of the 20th century*” en die apartheidsbeleid van Verwoerd as “*the biggest crime against humanity*”. Die Boere en Duitsers het die Illuminati en geldmag se planne vertraag, en daarom moes propaganda oor die “holocaust” en “apartheid” hierdie twee volke in diskrediet bring en ook `n skuldgevoel by hulle kweek om hulle van hulle beginsels te laat afsien. Hitler het die moed gehad om die Sinagoge van Satan (soos Christus hulle genoem het), aan te vat en daarvoor word hy ook deur die Christendom verwerp.

Die “Jode” het `n vrees dat die “holocaust”-foefie oopgevelek sal word en wêreldwye Jodebejammering tot `n einde sal kom. Daarom al die rolprente, boeke en artikels wat daagliks in ons kele afgedruk word om die Blankerasse te breinspoel. (Die internasionale media en vermaaklikheidsindustrie word beheer deur die “Jode”). Hulle het rede tot kommer, want die tyd is naby dat hul ware identiteit bekend gaan word.

“Want Ek het Esau ONTBLOOT, jou hart het jou bedrieg...Hoe is Esau deursoek...sy verborge skate deursnuffel Obadja 1. Ek sal maak dat hulle kom en voor JOU (huis van Israel) neerbuig en erken dat Ek JOU liefgehad het Op.3:9.”

Vreemdelinge in Duitsland staan op 7 miljoen en die bestaan van die EU beteken dat die lande binne die EU geen landsgrense meer het nie. Daar kan dus vrylik beweeg word sonder paspoorte. Vier miljoen Duitsers is werkloos, omrede immigrante bereid is om vir `n laer loon te werk. Die resultaat is dat geweld teen vreemdelinge toeneem.

Europa word oorstroom deur derdewêreld immigrante van Noord-Afrika. Hierdie swartes (hoofsaaklik Moslems) kom met geen besittings, geld of kundigheid na Europa toe en kan dus geen bydrae lewer tot reeds ontwikkelde beskawings nie. Met hul aankoms stel hulle dadelik eise, en toegewens moet gemaak word. Die resultaat is dat die betrokke land, (wie se mense honderde jare geneem het om `n beskawing en infrastruktuur daar te stel, met sy eie unieke erfenis en kultuur), sy eie identiteit moet prysgee om immigrante te akkommodeer. Indien daar nie aan hierdie eise voldoen word nie, word die regering van rassisme beskuldig en word voertuie aan die brand gestee, winkels geplunder en eiendomme beskadig. (Dit is tipies Afrika-mentaliteit, en ons weet nou dat indien `n Kussiet nie die kleur van sy vel kan verander nie, hy `n geweldenaar sal bly). Die wettiging van die NWO volg dan spoedig (die afskaffing van die doodstraf, die wegneem van godsdiensoerrig en die vernietiging van volkskultuur en geskiedenis).

In Europa, en veral Frankryk, het nasionalisme (wat nou rassisme genoem word), gegroei soos hierdie swart stormloop toegeneem het. Maar, indien `n regse party in bewind sou kom, (wat landsburgers teen immigrante sal beskerm), sal sanksies en boikotte net eenvoudig ingestel word. Dit maak nie saak hoe landsburgers voel of watter party hulle aan bewind plaas nie, die VN sorg dat `n regering in plek gestel word wat hulle agenda bevorder.

KOMMUNISME:- Die NWO is gegrond op `n ontkenning van rasseverskille en is vry van Christelike norme. Sy leuse is “vryheid, gelykheid en broederskap”. Hierdie leuse vind, veral by die agtergeblewenes, byklank terwyl dié wat dit verkondig hulself ironies genoeg as meerderwaardig beskou en oor alle volke wil heers.

Kommunisme word deur die “Jodedom” gebruik as basis vir hul beplande Wêreldregering, soos dit ook die geval in Suid-Afrika en die res van Afrika uitkristalliseer. (In Afrika word kommunisme net “demokrasie” genoem).

Die wêreldmagte besef dat die swarte tot 'n minderwaardige sub-ras behoort en dat hy 'n ambisielose parasiet is wat alewig bakhand voor die Witman moet staan vir "hand-outs" omdat hy nie daarsonder kan oorleef nie. En terwyl hierdie magte wil voorgee dat hulle vreeslik besorg is oor die swartman se welstand (deur kommunisme/"demokrasie" as 'n aantreklike alternatief aan te bied) is dit in werklikheid egter slegs die Afrika-kontinent, met sy minerale rykdom en landbou potensiaal, waarin hulle belang stel.

Esau het sy seun Edom genoem wat rooi beteken. Edom se seun was Amalek, wie tot in Rusland nagespoor kan word. Dit beteken dat Esau die toutjies trek in Rusland en deur die eeue die rigtinggewende hand teen Jakob (sy tweelingbroer/huis van Israel) was omdat hy sy eersgeboortereg aan hom afgestaan het. Die gewone Rus is 'n Israeliet en moet nie as 'n kommunist/"Jood" geklassifiseer word nie. Die Russiese "Jode" tussen hulle is die kommuniste.

Aan die begin van die vorige eeu het 'n terroriste-organisasie in Rusland tot stand gekom nl die "Social Revolutionary Party" wat onder volle "Joodse" beheer was. Dit was juis hulle wat die gruweldade teen die Tsaar (wat anti-Joods en pro-Boer was) en die Russiese bevolking gepleeg het. Sedert de revolusie van 1917 word Rusland deur "Jode" regeer. Tydens die Tweede WO was 56 van hul 59 ministers "Jode". (Stalin was 'n Rus maar sy vrou 'n "Jood" en ook hul raad se sekretaresse). Dit verklaar waarom Duitsland en Rusland aan teenoorgestelde kante geveg het. Hitler wou juis die Pole van "Joodse" oorheersing bevry.

*"Die Here sal teen jou 'n nasie bring van ver, (as deel van die strafgerig) van die einde van die aarde af, 'n nasie wie se taal jy nie verstaan nie, 'n nasie hard van aangesig, wie 'n grysaard nie ontsien en vir 'n seun geen genade het nie. En hulle sal die vrug van die vee en die vrugte van jou land (rykdomme) opeet totdat jy verdelg is **Deut.28:49-51**. Kyk, daar kom 'n volk uit die Noordland, en 'n groot nasie word opgewek uit die agterhoeke van die aarde. Boog en lans hanteer hulle, hulle is wreed en sonder barmhartigheid, hulle stem bruis soos die see, hulle ry op perde, gewapen soos 'n man vir die oorlog, **TEEN JOU, O DOGTER VAN SION Jer.6:22.**"*

Eseg.38 vertel ons dat Gog/Rusland met behulp van die Kussiete (swartes van Afrika) aan die einde van die jare 'n land sal intrek wat weer van die swaard reggekome het (Tweede Vryheidsoorlog), wat versamel is uit baie volke en in veiligheid lewe. Gog sal met sy leërs en baie volke wat saam met hom is, kom by die volk wat uit die nasies versamel is, wat vee en goed verwerf het, wat op die middelpunt van die aarde woon, om silwer en goud weg te dra, en om 'n groot buit te maak.

HOOFSTUK 14

DIE TEKENS VAN DIE TYE

Israel is altyd met 'n vyeboom vergelyk en die VYEBOOM WAT BOT is NIE die "Jode" wat in 1948 teruggekeer het na Palestina nie. Eeue lank het Israel nie geweet wie hy is nie, omdat die "Jode" dit sorgvuldig vir hom verberg het.

1. *Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is **Matt.24:32**.*
2. *En leer van die VYEBOOM hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is **Markus 13:28**.*
3. *Let op die VYEBOOM (Israel) en al die bome...dat die somer naby is **Lukas 21:29**.*

Die vyeboom wat bot is ISRAEL WAT ONTWAAK T.O.V. HAAR IDENTITEIT.

Die onderstaande verse uit **Matt.24** beskryf die gebeure waartydens die Blanke volke hul identiteit as uitverkorenes sal besef, wat Christus se koms vooraf sal gaan. Hierdie presiese boodskap word herhaal in **Markus 13** en **Lukas 21**, (sien vorige paragraaf). Al drie hoofstukke verwys na die woorde wat Daniël gespreek het. **DIT IS DIE BETEKENIS VAN DIE WOORDE WAT DANIËL MOES GEHEIM HOU TOT DIE EINDTYD TOE.**

1. Daar sal oorloë en gerigte van oorloë wees (**v6**)
2. Die een nasie sal teen die ander opstaan en een koninkryk teen die ander. Hongersnode, pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke (**v7**)
3. Hulle sal aan verdrukking oorgegee word en deur die nasies gehaat word (**v9**)
4. Baie sal tot struikel gebring word, mekaar verraai en mekaar haat. Valse profete sal mense mislei (**v11**)
5. Die evangelie van die koninkryk (Israel se ontwaking, versameling en Christus se koms) sal verkondig word oor die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies (huis van Israel) (**v14**)
6. Die gruwel (NWO) waarvan Daniël gespreek het, kom tot stand (**v15**)
7. Dan sal Israeliete (buite Suid-Afrika) verdruk word soos nog nooit van tevore nie. God verkort hierdie tyd ter wille van die uitverkorenes (**v16-22**)
8. Die koms van Christus (**v23-30**)

9. Die uitverkorenes van oor die wêreld word versamel (v31)

Gedurende hierdie tyd sal Israel ontwaak (die vyeboom bot) en is die somer (uitkoms) naby (v32). Profesieë genommer 1-5 gebeur tans!

Die geldmag wag op die regte krisis soos 'n wydverspreide natuurramp of epidemie wat die regte klimaat sal skep vir die instelling van die NWO, omdat die aandelemark inmekaar sal stort. **Rockerfeller** het gesê:

“We are on the verge of a global transformation. All we need is the right major crisis and the nations will accept the New World Order”.

Hierdie chaos gaan 'n perfekte geleentheid skep om wêreldwyd krygswet (ontwapening) af te kondig. Die wêreld-ekonomie sal in duie stort en dit sal die geleentheid bied om die nuwe kontantlose stelsel te implementeer. Die slimkaart (smart card) sal kontant, tjeks en kredietkaarte vervang. Dit sal gevolg word deur die mikroskryf wat onder die vel ingeplant sal word (wat nie weer verwyder kan word nie).

Die ware Christene sal die Antichris herken wanneer hy sy plek inneem, en dan sal hulle moet kies tussen God en Mammon. Baie sal die Antichris kies, omdat hulle nie sonder die merk sal kan oorleef nie en hom met sy stelsel sal beskou as 'n makliker uitweg.

Die merk van die dier sal nie sonder moeite of oornag geïmplementeer kan word nie. Oorloë dwarsoor die wêreld en die miljarde mense wat aan die stelsel gekoppel moet word, sal nie vir die NWO 'n maklike taak wees nie. Die VN sal sy hande vol hê met konflikte in Europa en die Midde-Ooste en sal nie baie aandag kan skenk aan die verafgeleë land aan die suidpunt van Afrika nie. Alhoewel hulle sal poog, sal hulle nie daarin slaag om hulle ideologie hier in S.A. af te dwing nie, want die Here het 'n land uitgehou, die berg Sion, wat anderkant die riviere van Kus lê, waarheen Sy kinders sal vlug en in veiligheid woon. Blanke gelowiges elders sal in daardie tyd hierna toe vlug.

“...sal die kinders van ISRAEL kom, hulle met die kinders van Juda saam, onder geweensal hulle voortrek en die Here hul God soek. HULLE SAL NA SION VRA, op die pad HIERHEEN sal hulle aangesig gerig wees, hulle sal kom en by die Here aansluit in 'n ewige verbond Jer.50:4-5.”

Oor die toekoms van Sion (S.A.):

“Deur geregtigheid sal jy bevestig word, wees ver van verdrukking, want jy hoef nie bevrees te wees nie, en ver van verskrikking, WANT DIT SAL NIE BY JOU KOM NIE Jes.54:14.”

Ook in **Daniël hoofstuk 4** lees ons van die droom wat Nebukadnesar gehad het oor die groot boom (volk).

“Kyk, daar was 'n boom IN DIE MIDDEL VAN DIE AARDE, en sy hoogte was groot. (Eseg.38:12 vertel ons van 'n volk wat uit die nasies versamel is, wat vee en goed verwerf het, wat OP DIE MIDDELPUNT VAN DIE AARDE WOON)...Die boom het groot geword en sterk, en sy hoogte het tot aan die hemel gereik, sodat hy tot aan die einde van die hele aarde sigbaar was ('n volk bekend aan die wêreld wat bo die ander nasies uitgestaan het). Sy blare was mooi en sy vrugte baie, en aan hom was vir alles voedsel, onder hom het die diere van die veld skaduwee gesoek, en in sy takke het die voëls van die hemel gewoon, ja, alle vlees is daardeur gevoed (die volk was voorspoedig en het vir alles gesorg)... 'n heilige het uit die hemel neergedaal en gesê: Kap die boom om en kap sy takke af, trek sy blare af en verstrooi sy vrugte, laat die diere onder hom uit vlug en die voëls uit sy takke (die volk verloor sy mag en daardeur kry almal in die land swaar). MAAR LAAT SY PENWORTEL IN DIE AARDE STAAN...Die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil...en sy lot saam met die diere van die veld wees totdat SEWE tydperke oor hom heengegaan het...En dat hulle bevel gegee het om die penwortel van die boom te laat staan – u koningskap sal vir u bestendig wees vandat u erken het dat die hemel heers (die volk sal sy mag terug ontvang wanneer hy na God terugkeer).(v10-17).”

Ons kan ons vaders nie onteer
Die erfand van ons vaders vroom
Die diep gewortelde Vrijheids boom
Die kap jul nooit en nimmer neer
Sij spruite groei gedurig uit
En dek nog eens heel Afrik' suid **F.W. Reitz**

HOOFSTUK 15

DIE BOEREPROFEET

Alles wat Siener van Rensburg (1864-1926) tot voor sy dood voorspel het, het tot op hede net so gebeur en daarom kan ons aanvaar dat sy visioene oor gebeure wat voorlê ook in vervulling sal gaan. Dit is ook opvallend hoe sy voorspellings vir die hede en nabye toekoms ooreenstem met Bybelprofesieë en ook inskakel by huidige wêreldtendense en gebeure.

SIENER SE VOORSPELLINGS REEDS VERVUL

Suid-Afrika:

- Na die rebellie van 1914 bêre die Boer sy geweer in die kas (en sal dit eers weer opneem aan die einde van die eeu)
- Hierna kom die NP tot stand asook die Republiek
- Die moord op dr. Verwoerd
- Die volk kan sy leiers nie vertrou nie
- Die kerk is deurmekaar en gee geen leiding nie
- Verdeeldheid onder die Boere en hulle baklei onder mekaar
- Moeilikhed onder die swartes
- Die NP sal die laaste Blanke regering wees
- Kodesa gevolg deur 'n swart regering
- Die volk is leierloos
- Die kort stilte en donker moedelose tyd
- Boere word vervolgt (Waarheids en Versoeningskommissie)
- Die hoofleier van die NP bedank en die party verander sy naam
- Bankrotskappe van munisipaliteite
- Verraad in eie geledere word bekend
- Niks is reg nie, geweld, misdaad, swart apartheid en armoede onder die Boerevolk
- Korrupsie en ekonomiese agteruitgang
- Groot getalle mense verlaat die land voor die groot moeilikhed begin
- 'n Ongeneeslike pes wat min Blankes maar baie swartes sal doodmaak
- Die ondergang van die NP
- Wie Baas was is nou Klaas
- Die Boer is baie moedeloos en staan met sy rug teen die muur

Die Buiteland:

- Die Eerste en Tweede Wêreldoorlog
- Hitler se Blitzkrieg
- Die opkoms en verval van kommunisme
- Die kernontploffing by Chernobyl
- Die val van die Berlynse skandmuur
- 'n Egskeiding en tragedie in die Britse koningshuis wat Brittanje in rou dompel
- Die burgeroorlog in Oos-Europa (Bosnië)

Verder het Siener voorspel dat Duitsland na die Tweede WO weer sal opstaan en in die geheim wapens vervaardig. Die ultra Neo-Nazi's sal 'n staatsgreep in Duitsland uitvoer a.g.v. hul onderdrukking (vanaf die laaste oorlog betaal hulle vir die sondes van die "holocaust" en word hul as't ware deur die "Jode" regeer), en rassekonflik (die Berlynse muur en swartes uit Noord-Afrika). Hy het gesien dat Duitsland die sterkste mag in Europa word.

DIE BOER EN DUITSLAND SE ROL:- Omdat Duitsland die Boere bygestaan het gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, was die Boere nie bereid om saam met Engeland teen Duitsland te veg met die uitbreek van die Eerste WO nie. Dit het gelei tot die Rebellie van 1914 wat misluk het. Siener het dit nie as 'n mislukking gesien nie, maar as 'n vastrapplek vir toekomstige gebeure wat nog moes volg.

Die treinspoor tussen Luderitz (in SWA) en Prieska wat deur genl. Smuts en Botha (wie pro-Engels was), gebou is om Duitswes vir Engeland te verower, was nie voltooi nie en volgens Siener sou hierdie spoorlyn eers aan die einde van die eeu sy doel dien wanneer die Boer se laaste Vryheidstryd begin. Volgens Siener sal Duitsland die ooreenkoms tussen genl. Maritz en die Keiserlike Goewerneur van Duits Suidwes-Afrika van 1914 erken en vyf oorlogskepe met troepe en wapens sal in Luderitzhawe anker werp. Vandaar sal die troepe per trein vervoer word tot by Prieska waar die Boere hulle sal ontvang. Hierdie gebeure sal voorafgegaan word deur 'n Gelofte wat die Boere by Lichtenburg sal aflê. Daar sal 'n onbekende leier opstaan vir ons volk.

Luderitzhawe wat te klein was om selfs een oorlogskip te akkommodeer, is baie onlangs (teen die einde van die eeu) vergroot a.g.v. die uitbreiding van die visbedryf, en die treinspoor wat nooit voltooi is nie en

plek-plek meters diep onder woestynsand gelê het, is voltooi om toerusting vir hierdie visbedryf, wat in Vereniging vervaardig word, terug te vervoer.

Volgens Siener wag daar 'n bitter donker tyd op ons. Met die 1914 Rebelle het die volk deur 'n sif gegaan en met die laaste en felste stryd wat voor die deur is, sal die volk deur 'n smeltkroes gaan. Hierdie smeltkroes ('n eenmalige proses) sal die einde van neutrale onbetrokkenheid wees en elke Blanke Suid-Afrikaner en Boer sal gedwing word om te kies, óf vir die saak van God, óf broederskap met die vyand.

Siener laat hom soos volg hieroor uit:

“In daardie tyd sal die Boerevolk met sy rug teen die muur veg en dit sal lyk of daar geen meer hoop vir hom is nie, maar niks sal hom meer kan stuit nie. En alhoewel die verraad en broedertwis verskriklik onder ons mense is, sien ek dat ons nogtans voortworstel op die pad wat God vir ons bepaal het. Die verraaiers sal finaal verdryf word. Die Boer verlaat die kerk en soek sy heil by die Hoër Hand. Dan kom daar 'n tyd wat die volk weer op sy knieë in verootmoediging voor God gaan staan, politieke en ander verskille word vergeet omdat dit nie meer saak maak nie. In die aangesig van die vernietigende aanslag op die Afrikaner, keer hy terug na God aan wie hy 'n Geloofte aflê en nou bid hy dat die son nie moet ondergaan nie. Hierdie donker tyd sal saamval met 'n instroming van swartes uit Oos-Afrika (Zimbabwe en Mosambiek). Planne word in die geheim gemaak om ons volk te vernietig en swartes word bewapen deur die kommuniste. Hulle gebruik ons land se rykdomme teen ons. Hulle hits die koelies, kaffers en basters teen ons aan. Selfs 'n deel van die polisie en leer is teen ons. In die VSA word alles in die geheim gereël om op 'n gegewe tyd hulle troepe hierheen te stuur. Baie van ons sal deur hulle doodgemaak word, ons sal onself moet verdedig, al wat Afrikaner is sal bymekaar moet staan. Hulle sal in die geheim na ons hawens toe kom. Ons mense verlaat die leer, maar bly sit met alles. Daar is orals spioene en ons vrouens en kinders sal in die grootste gevaar verkeer.”

Die lugmagbasis op Gaborone in Botswana is reeds vergroot en is daar geruime tyd al Amerikaanse troepe en lugmagpersoneel in die omgewing wat gereeld militêre oefeninge hou. Dit is alles deel van die VN se plan om S.A. in 'n NWO in te lei. Die ANC is ook hierby betrek en verkeer onder die indruk dat dit deel vorm van 'n projek om vinnig te kan toeslaan indien die Blankes probeer om die swart regering omver te werp. Wat die ANC ook nie besef nie is dat die VSA (in werklikheid die VN) druk besig is om die verskillende etniese groepe teen mekaar op te sweep. Wanneer 'n burgeroorlog uitbreek, is die plan dat die VN magte tussenbeide sal tree om die “orde te herstel” en die land oor te neem. Swart en Blank sal aangeval word, want dit is slegs die land en sy rykdomme waarin hulle belangstel. “Project South-Africa” wat reeds in 1960 van stapel gestuur is, glo hulle, sal dan afgehandel wees.

Siener het die swart regering voorspel, maar gesê dit sal van korte duur wees. Die swart leier sal gewelddadig sterf, maar hoe dit sal gebeur, het hy nie gesê nie. Alhoewel Mbeki onpopulêr is selfs onder die topstruktuur van die ANC, blyk Mandela eerder die teiken te wees, omrede sy dood 'n baie groter reaksie onder die swartes tot gevolg sal hê.

*“Hulle het hul verhef – 'n kort rukkie dan is hulle daar nie meer nie, en hulle word verneder...en soos die boonste van 'n halm word hulle afgesny **Job 24:24**. Jy sal die onbeskaamde volk nie meer sien nie, die volk met duister onverstaanbare spraak, met 'n onbegryplike hakkel-tong **Jes.33:19**.”*

'n NAGAANVAL – DIE BEGIN VAN DIE OORLOG:- Johanna Brandt (1877-1964), 'n pastoriemoeder en diep gelowige, is deur Engele meegedeel oor toekomstige gebeure aangaande haar geliefde volk. Sy en Siener het mekaar nie geken nie en tog stem hul voorspellings oor 'n beplande nagaanval verbasend ooreen. Hierdie visioen wat Johanna in 1916 gesien het, het haar so ontstel dat sy in een enkele nag heeltemal grys geword het.

Johanna het dit so beskryf:

“Na die begrafnis (Siener: dood) van 'n belangrike swart leier (Siener: wat gewelddadig sterf) kom die swartes in opstand en dit is die begin van 'n staking wat dwarsoor die land versprei en die hele land lam lê. Terwyl die staking aan die gang is, organiseer die swartes in die geheim (Siener: in samewerking met die polisie) en kom in een NAG in Johannesburg bymekaar. Dan gebeur dinge vinnig en onverwags. Hierna vaar hulle die Blanke gebiede in en vermoor ons mense voor die voet. Duisende en duisende mense sterf. Die wyse waarop hulle die Blankes vermoor, is te afskuwelik vir woorde. Vrouens en kinders, oud en jonk, word voor die voet afgemaai met gewere, assegaai, knopkieries, kapmesse of enige soort wapen wat hulle in die hande kan kry. Die swartes sal weer, soos met die Bloukransmoorde, Blanke babas en kindertjies se koppe teen mure of pale verbrysel. Mense wat probeer vlug, word ingehaal, doodgemaak en net so in hulle bloed laat lê.

Daar is oral bloed, op die sypaadjies, strate, in die huise en winkels...Toe die dag aanbreek, het ek gesien hoe die hordes in die rigting van Pretoria beweeg. Dit is die teken vir die ander swartes in die land om ook tot die aanval oor te gaan. Ek het gehoor die swartes verwys onder mekaar na hierdie

dag as "Our Great Day". Wanneer hierdie swart massa op die Blankes toesak, sal die Boerevolk besef die tyd vir aksie het aangebreek. By Pretoria sal die Boere die swartes inwag en DIT SAL DIE BEGIN VAN DIE OORLOG WEES. Vir die eerste keer in die geskiedenis sal Boer en Brit saamstaan om te veg vir oorlewing. Soos die swartes deur die dorpe spoel en verwoesting saai en mense vermoor, vlug die Blankes soos blare in die wind voor die storm. Maar baie van ons dapper manne sal vasstaan, hulleself bewapen en uiteindelik met Gods hulp die swart oormag breek. Boer en Brit veg skouer aan skouer..."

Siener het 'n emmer bloed in Vereeniging sien omval. Hy het dit so beskryf:

"Wanneer die staking begin (na die swart leier se dood) sal daar groot moeilikheid met die kaffers en koelies wees, behalwe ook die moeilikheid oorsee (rassekonflik en burgeroorloë). Ek het gesien die vroue vlug, hulle het nie eers tyd om hulle vensters toe te maak nie, die gordyne waai na buite. Onluste en bloedvergieting sal in daardie tyd in Johannesburg aan die orde van die dag wees. Talle Engelse uit Rhodesië (wat reeds hiernatoe sou gevlug het), sal hulle vereenselwig met die Boerevolk en sy stryd om vryheid."

(Hierdie voorspelling stem ooreen met die van Jeremia oor Benjamin: Sal moet vlug op 'n tyd. Word deel van die stam van Juda).

Adriaan Snyman waarsku die Volk landwyd deur middel van toesprake en videovertonings oor die beplande nagaanval. Volgens sy intensiewe navorsing van Siener se voorspellings en eerste-handse inligting verkry uit swart geleedere, sal die groot staking begin met Mandela se dood. (Alles in die land sal tot 'n stilstand kom. Daar sal geen brandstof, krag of water wees nie, geen handel sal gedryf word nie, want winkels sal reeds geplunder wees). Hy sal na sewe dae begrawe word en die TEKEN om tot die aanval oor te gaan, WAT REEDS AAN DIE MASSAS BEKEND IS, IS MIDDERNAG OP DIE DAG VAN MANDELA SE BEGRAFNIS.

Die profete het ook hierdie nagaanval op die Dogter van Sion gesien:

*"Oor die berge kom 'n talryk en menigte volk...voor hom uit verteer 'n vuur...agter hom is dit 'n woeste wildernis (omkering deur vreemdes)...soos die gedruis van waens huppel hulle...soos die geknetter (tenks/panservoertuie) van 'n vuurvlam (skote)...magtige volk wat vir die geveg opgestel is (vooraf beplan)...alle gesigte verbleek (Blankes) soos helde hardloop hulle...tussen wapens deur val hulle maar hulle (tenks/panservoertuie?) bly in gelid...oorval die stad, hardloop op die muur...klim in die huise, hulle dring by die vensters in **Joël 2:1-9**."*

*Heilig 'n oorlog teen haar (Sion)! Staan op en laat ons optrek op die MIDDAG! Wee ons want die NAG gaan verby, want die AANDSKADUWEES word langer! Staan op en laat ons optrek IN DIE NAG, en laat ons haar paleise verwoes! **Jer.6:4-5**. Want die geluid van weeklaag word uit SION gehoor: Hoe is ons verwoes!...want hoor, o vroue, die woord van die Here...want die dood het in ons vensters opgeklim, in ons paleise ingekom om die kinders van die straat af uit te roei, die jong manne van die plein af...en die lyke van die mense sal neerval soos mis op die oop veld...sonder dat iemand dit versamel **Jer.9:19**. Want ek het gehoor 'n stem soos een wat inmekaar krimp, die stem van die DOGTER VAN SION, sy hyg na asem, sy brei haar hande uit en sê: Wee my tog, want my siel is magteloos teenoor die moordenaars **Jer.4:31**.*

Na die nag van verskrikking soos beskryf in **Joël 2:1-9** volg die Gelofte wat die volk sal aflê:

"Heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam. O Here, spaar U volk, en gee U erfdeel nie oor aan smaadheid nie (v15-17)."

"ONS GAAN LAASTE IN DIE DING MAAR KOM EERSTE DAARUIT":- Siener: *"Wanneer die STAKING BEGIN (met die swart leier se dood) sal daar groot moeilikheid met die kaffers en koelies wees, BEHALWE ook die MOEILIKHEID OORSEE. Ons gaan LAASTE in die ding maar kom EERSTE daaruit"*

Dit beteken dat die oorlog in S.A. sal begin NA die uitbreek van die oorlog in die noordelike halfrond, maar S.A. sal al aan die herstel wees wanneer die oorlog in Europa op sy felste is. Volgens Siener sal die VN nie betrokke raak by die oorlog hier nie (hulle sal hulle hande vol hê met die oorlog in Europa en die Midde-Ooste) en ook sal die VSA in die begin hier probeer inmeng, maar hulle aanvalle staak. Die VSA sal ook te betrokke wees in Europa, en hulle gedwonge bondgenootskap met die Neo-Nazi regering, wat reeds 'n staatsgreep in Duitsland sou uitgevoer het, sal maak dat hulle S.A. moet uitlos.

Ons kan Siener se profesieë vir die nabye toekoms dalk in hierdie volgorde rangskik:

1. Die oorlog in Oos-Europa en die Midde-Ooste
2. Kommunistiese oorname in Rusland (spanning loop reeds hoog).
3. Konflik tussen die VSA en Rusland oor Oos-Europa en kring dan wêreldwyd uit (daar heers huidige wantroue tussen die twee, maar na die kommuniste aan bewind kom sal hulle aan

- teenoorgestelde kante veg).
4. Die Neo-Nazi's voer 'n staatsgreep in Duitsland uit (verregees is al jare lank besig om in die geheim wapens te vervaardig).
 5. Irak raak betrokke in Oos-Europa om die Moslems te help. (Hou ook die krisis in die Midde-Ooste dop).
 6. Die groot staking, swart begrafnis en die aanval op Johannesburg lei tot 'n oorlog hier.
 7. Duitsland maak bekend dat hy die Boer se saak goedgesind is.
 8. Hulle erken die traktate wat die Rebelle en Duitsers in 1914 onderteken het. Hulle vat Duitswes en Duitsoos (Namibië en Tanzanië) terug.
 9. Die VSA en Indië val S.A. aan. (Indië is oorbevolk en sien S.A. as 'n land met kos en minerale). Duitse skepe keer hulle by Durban. Dit verhoed ook 'n Chinese aanval.
 10. Die VSA en die nuwe Neo-Nazi regering word verplig om saam te veg teen Rusland. Die VSA moet dan S.A. uitlos.
 11. Vyf oorlogskepe land in Luderitzhawe tussen September en November en kom bewapen ons omdat ons nie meer oor 'n eie weermag beskik nie. (Hierdie sal nie nuwe wapens wees nie, maar ongebruiktes, heel moontlik dié wat die Duitsers na die Tweede WO oor die Spaanse grens gestuur het toe hulle moes padgee. Siener het gesien hulle is nog in ghries toegedraai).

Die Israeli's se strewe na wêreldoorheersing en beheer oor die wêreld se oliereserwes, bepaal Amerika se beleid in die Midde-Ooste, omrede hulle hierdie regering beheer. Hierdie beleid was direk verantwoordelik vir die aanvalle op Kosovo, Irak en Afganistan en is dit die aanloop tot die Derde WO.

Rusland bevind hom tans in 'n baie moeilike situasie. Hy het simpatie met die Serwiërs in Kosovo wat teen die Albaniese Moslems geveg het, maar sy ander bondgenote soos Irak, is wel Moslems. Enige vrede in Oos-Europa sal van korte duur wees, want sodra die kommuniste weer aan bewind is, sal hulle die Serwiërs te hulp snel. Ook sal die Moslems nie ophou met hulle "Heilige Oorlog" nie en sal bygestaan word deur Irak (terwyl die VN beheer oor die gebied wil verkry). Die jarelange vrywing in die Midde-Ooste tussen Israel en Libanon is op die punt van uitbarsting. Die wêreld se Moslem gemeenskap, asook die Russe, sal hulle by die Palestyne skaar.

BOER EN DUITSER VEG SAAM:- Siener het die val van die swart regering voorspel:

"Daar vind iets plaas waarmee hulle (die swart regering) nie rekening gehou het nie, en dit bring vir goed 'n einde aan hulle heerskappy en bedrywighede" ('n Staatsgreep in Duitsland)."

Die spoorlyn wat genls. Smuts en Botha begin bou het om Suidwes vir Engeland te verower, gebruik die Here om vir ons algehele vryheid te gee.

"Wanneer die skepe land, is die parlement in sessie in Kaapstad, en ontvang hulle die eerste blou brief (waarskuwing) vanaf die Duitsers. Kabinetslede staan met hulle koppe teen mekaar. Met die tweede brief begin hulle rondspring, en met die derde brief spat hulle uitmekaar en vlug uit die Kaap. Daar is geen regering nie en totale chaos en wanorde sal heers. Duitsers bombardeer die parlement in Kaapstad terwyl die vredebewakers (VN) net staan en toekyk en niks doen nie. Party Blankes neem die wapen op saam met die kommuniste teen die Boere. Wanneer die ministers vlug uit die Kaap, trek Boere in hul duisende en tienduiseende van alle kante af in die rigting van Lichtenburg, sonder dat volksleiers hulle soontoe roep (daar is nie leiers nie). Dit sal die grootste Afrikanersaamtrek in ons volksgeskiedenis wees. 'n Onbekende man in 'n bruin pak klere ('n ware Afrikaner) spreek ons toe. 'n Bloedriviersituasie ontstaan waar die volk 'n Geloofte aflê, en bid dat die son nie moet ondergaan nie. Daar by Lichtenburg draai ons terug en trek weer hier af Prieska toe net soos in 1914".

Oor die reuse saamtrek het hy gesê:

"Ek kan mij perd opsaal en ek kan vir dae ry en ek zal nooit kan sê hoeveel Afrikaners kom daar bymekaar, want ek sien ek is op 'n hoge plek sodat ek ver en mooi kan sien en net so ver as wat mij oog kan reik, loop net vaal donkies (getroue Afrikaners)".

Verder het die Boereprofeet vertel:

"'n Gideonsbende, goed gewapen, nie baie nie, ontvang die wapens by Luderitz en neem dit per spoor na Prieska. Dan kom die Duitsers intussen met die treinspoor met kanonne, gewere en ammunisie vir ons. Die Boere sal gedurende die geelperskereën die wapens van die treine aflaai. Die VSA stuur versterkings na SWA, maar dit sal nie help nie want die Engelse daar vlug na Vereeniging en word agtervolg deur Duitse vliegtuie. Afrikaansprekende Suidwesters vlug na Prieska. In SWA sal die aarde verwoes lê."

"Al die treine in die Unie behalwe die trein tussen Prieska en Duitswes staan doodstil. Ek sien daar

waar ons aan die Grootrivier (Oranje) kom is `n paal ingeplant en aan die paal waai die Vierkleur. Daar bou ons `n verhoog. Daar kies ons, ons Eerste President. Ek sien `n klompie basterskape (Jingo's). Die Boere organiseer in kommando's. As ons wegtrek hardloop `n klompie Jingo's agter ons aan (kom reg en ondersteun die Boer se saak). Die ander vlug na Vereeniging. Duitse magte trek saam met die Boerekommando's op deur die land om dit weer in besit te neem. Die Boere val eers Kimberley aan. Die Jingo's, Engelse en Jode vlug na Vereeniging. Regeringsmagte (Blankes in die weermag) sluit by die Boere aan, ook van die Engelse. Ons vyande kom almal by Vereeniging bymekaar en die Boere val hulle aan met bomme. Vandaar vlug hulle na Durban".

Op die vraag waarom die Jingo's en vyande na Vereeniging vlug antwoord hy:

*"By Vereeniging moes ons die vernederende vrede teken en moes ons ook ons vryheid prysgee. Dit nadat duisende lewens opgeoffer is en van ons land letterlik `n woestyn gemaak is. Gaan lees **Jesaja 14**, en daar gaan ons ook die Engelse die laaste genadeslag toedien".*

"Die Boere en Duitsers trek saam op in Afrika om die land veilig en bewoonbaar te maak vir die witman, tot verby die ewenaar".

*"Maar op die berg SION sal daar ontkoming wees, en dit sal `n HEILIGDOM wees (geen volksvreemdes) en die huis van Jakob sal sy besittings in besit neem...sodat daar GEEN OORBLYFSELS van die huis van Esau sal wees nie...Dan sal die van die SUIDLAND die gebergte van Esau (swart Afrika) en die van die LAEVELD...die veld van Efraim (ou Engelse kolonies), Samaria en Benjamin (Zimbabwe), in besit neem...die kinders van Israel sal die wat Kanaäniete is (swart nasies) tot by die SARFAT (SOEDAN) VEROWER **Obadja 17-20**."*

Die ou profeet het afgesluit deur te sê:

"Ons kry `n volmaakte Republiek van `n volmaakte God sonder `n pennie skuld".

*"Wie wys is, laat hom op hierdie dinge let! Wie verstandig is, laat hom dit erken! Want die weë van die Here is reg, en die regverdiges sal daarop wandel, maar die oortreders daarop struikel! **Joël 1:10**."*

HOOFSTUK 16

ELIA KOM WEER

Een van die tekens dat die eindtyd op hande is, sal die verskyning van die profeet Elia wees. Die koms van Christus sal deur Elia voorafgegaan word, maar so ook die van die Antichris, wat die mensdom sal verwar met sy wonderwerke. Elia sal as `n gewone man verskyn sodat hy nie deur almal erken sal word nie (met sakke beklee **Op.11:3**). Elia sal eers sy verskyning hier maak om ons land te herstel, voordat hy na ander wêrelddele gaan, want ons lees in **Sag.12:7** dat die Here eers die tente van Juda (die woning van die Boerevolk) sal verlos, terwyl Jerusalem rondom (Israelvolke elders) nog in rouklaag sal verkeer.

Elia het nie gesterf nie, maar is lewend weggevoer na God (**2 Kon.2:11**), ook Henog is lewend opgeneem in die Hemel (**Gen.5:24**). Die twee sal as getuies terugkeer om teen die Antichris te getuig en dan in die proses `n marteldood sterf (**Op.11:7**). Voordat dit gebeur, moet Elia eers alles kom herstel, soos Christus beloof het. En Sy dissipels vra vir Hom en sê:

*"Hoekom sê die skrifgedeeltes dan dat Elia eers moet kom? En Jesus antwoord en sê vir hulle: ELIA KOM EERS EN SAL ALLES HERSTEL **Matt.17:10-11**."*

*"En hy sal die harte van die vaders (Abraham, Isak en Jakob) terugbring na die kinders, en die harte van die kinders na hul vader, (hulle ware identiteit bese) sodat EK NIE HOEF TE KOM EN DIE LAND (SION) MET DIE BANVLOEK TREF NIE **Mal.4:6**."*

(Alhoewel die ergste strafgerig en oorlog nog vir ons voorlê, sal ons land nie deur kernoorlog, aardbewings ens. getref word nie, want God hou `n land uit waar Sy volk in veiligheid sal skuil terwyl die verwoesting van die Derde WO en Armageddon aan die gang is. Word in `n latere hoofstuk bespreek).

Hierdie Godsman sal die weg vir die volk kom oopveg. Elia sal weer, net soos die dag by Kisonspruit toe hy 450 profete van Baäl geslag het, weer onder die Boerevolk al die valse profete (die valse predikante en pastore) en leraars kom uitroei en almal wat hulle hoofde voor ander gode gebuig het.

Die 144 000 verseëldes, die DIENSKNEGTE uit die 12 stamme wat die huis van Israel sal versamel, sal deur Elia georden word (**Op.14:1-6**). Elia sal die nuwe Godsdiens kom bekend stel (die tempel van die Here bou), wat uitgedra sal word deur hierdie verseëldes en die HERONDEKTE Israel. Hy kom ook om die ou verbond met die oorblyfsels van Israel te hernuwe.

*"Dan sal die offer van Juda en Jerusalem vir die Here aangenaam wees, SOOS IN DIE OU DAE EN SOOS IN DIE JARE VAN DIE VOORTYD...WANT EK DIE HERE HET NIE VERANDER NIE **Mal.3:4-6**."*

Die ou Verbond (uit die Ou Testament) wat Elia (`n priester uit die Ou Testament), met die volk sal kom

vernuwe, sal 'n bloedoffer wees. So sal 'n NUWE Ou Testamentiese Verbond met die Boerevolk gesluit word deur die profeet Elia.

'n BLOEDVERBOND:-

*“Kyk, Ek stuur My boodskapper wat die weg voor My sal baan...die Engel van die verbond **Mal.3:1**. Ook sal Ek, wat jou betref, o SION, kragtens DIE BLOED VAN JOU VERBOND, jou gevangenes loslaat...**Sag.9:11**. Oorkant die riviere van Kus vandaan sal My aanbidders, My verstrooide gemeente MY OFFERANDE BRING **Sef.3:10**.”*

Nadat Elia ons land herstel het (die tente van Juda word eerste verlos) vertrek hy na ander wêrelddele om teen die Antichris te getuig. Daar sal hy en die ander getuie in Israel doodgemaak word, waar Christus gekruisig is (**Op.11:8**). (Deur wie anders as die valse Jode).

Elia kom om die reg weer in eie hande te neem, 'n Verbond tussen God en die Boerevolk te sluit en die nuwe Godsdiens in te stel. Maar hy en die ander getuie (heelwaarskynlik Henog) sal net tydelik by ons wees, omrede hulle drie-en-'n-half jaar lank sal profeteer (**Op.11:3**). En in hierdie tyd nog hul weg na die noordelike halfgrond moet vind, voordat hulle doodgemaak word.

Daarom sal God vir die Boerevolk ook van 'n leier en 'n nuwe regering voorsien. Hierdie leier is die man wat op die troon van Dawid gaan sit, wat die Spruit en Horing genoem word.

*“Want kyk, Ek sal My KNEG, die SPRUIT laat kom! **Sag.3:8**. Want die Here het SION UITVERKIES...DAAR sal Ek vir Dawid 'n HORING laat UITSPRUIT, Ek het vir My gesalfde 'n lamp toeberei (iemand om die weg te wys) **Ps.132:11**, (Here I will make one of David's descendants a great king). En Hy het 'n HORING vir Sy volk verhef: 'n roem vir al Sy gunsgenote, vir die kinders van Israel, die volk wat naby Hom is **Ps.148:14**. En Ek sal een enkele herder oor hulle verwek, en hy sal hulle laat wei, naamlik My kneg Dawid, ('n Spruit uit Dawid) **Eseg.34:23**.”*

Dawid sê in **Ps.89:25**:

“Deur my naam (nageslag) sal sy horing verhef word.”

SIENER SE PROFESIEë STEM OOREEN:- Siener se woorde:

“Ons gaan laaste in die ding, maar KOM EERSTE DAARUIT”,

stem ooreen met die profesie: Die tente van Juda word eerste verlos.

